Nr./No. 93 APRIL 1988

# Pretoriana




**TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**
**(PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING)**

**JOURNAL OF THE OLD PRETORIA SOCIETY**
**(THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION)**

**Prys R 4,00 Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

PRETORIANA NO./NR. 93 APRIL 1988

LYS VAN BESTUURSLEDE VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING GENAAMD GENOOTSKAP OUD-PRETORIA OP 1 MAART 1988

Dr. N.A. Coetzee, voorsitter
Mnr. W.J. Punt, ondervoorsitter, bewaring van geboue
Mev. M.L. Willmer, sekretaresse
Mnr. S. de K. Venter, verteenwoordiger van die Stadsraad van Pretoria
Mev. M. Andrews, organisasie van toere
Mnr. T.E. Andrews, "Nuusbrief" en bewaring van begraafplase
Mev. A. Dreyer, argief
Mnr. J. de Beer, penningmeester
Mev. A. de Beer, organisasie van byeenkomste
Mev. S.W. Jacobs, skooltuine
Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriana tel. (012) 468419
Dr. H.J. Petrick, mederedakteur van "Pretoriana"
Mnr. R. Tomlinson, forte
Mev. I. Vermaak, posbestellings

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001
Telefoonnommer (012) 703052

## "PRETORIANA" - AFRICANA

Aanbod van uitgawes van "Pretoriana" van vroeë en onlangse datum

Hoeveel geskiedenisboeke kan U vir R20,00 koop?
Miskien een, wat bestaan uit nog nie eens 200 bladsye nie.
Hoeveel Africana-boeke kan U vir R20,00 koop?
Waarskynlik nie eers een nie.
Hoeveel "Pretoriana's" kan U vir R20,00 koop?
Ten minste 40 uitgawes met meer as 1500 bladsye propvol met geskiedenis, foto's, belangrike data en kostelike stories.
Daar is stelle "Pretoriana's" met uitgawes vanaf die vroeë jare vyftig, by die Genootskap beskikbaar. Skryf 'n briefie aan Anton Jansen, Posbus 33704, Glenstantia 0010, Pretoria, of nog makliker, skakel sy kantoornommer 70 6456 of na kantoortyd 47 5838 om 'n stel "Pretoriana's" te bestel.
Afsonderlike nommers is ook beskikbaar VANAF R0,50 per eksemplaar.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

PRETORIANA No./Nr. 93, April 1988

INHOUDSOPGAWE/TABLE OF CONTENTS

| | Bladsy/ Page |
|---|---|
| Van die redakteur/From the editor | 2 |
| Bydraes oor die NZASM/Contributions on the NZASM | 3 |
| Robert C. de Jong, Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Spoorweg-Maatschappij (3) | 3 |
| C. de Jong, Die NZASM in die oorlog 1899-1902 | 13 |
| Jeugverhaal oor die NZASM en wildbewaring. Bespreking deur C. de Jong van John Coetzee, "Die ysterpad see toe" | 20 |
| C. de Jong, Voor en teen die NZASM | 22 |
| Ander artikels/Other articles | 24 |
| Onthulling van gedenkplaat op graf van Hermann Rex | 24 |
| J. Ploeger, Ter herinnering aan Dr. Hermann Moritz Rex 1918-1981 | 25 |
| Genootskap Oud-Pretoria - Toespraak van die onderburgemeester 22 Oktober 1987 | 38 |
| Suzette Jacobs, Garlicks-Pretoria 100 years | 40 |
| C. de Jong, 1888-1988, 100 jaar Nederlands konsulaat-generaal in Transvaal | 43 |
| C. de Jong, Willem Eduard Bok, die naamgewer van Boksburg | 50 |
| C. de Jong, Die blanke boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (1); Theodor Sandrock, 1882-1953 | 53 |
| S.W. Jacobs, Skooltuinkompetisie 1987 | 65 |
| C. de Jong, Moontlike voorbeelde van Reisacher se skilderye van die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 (5) | 66 |
| Noorderlinge onder die Suiderkruis en Suiderson | 71 |

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

PRETORIANA no. 93, April 1988

## VAN DIE REDAKSIE

Weens die hoë drukkoste wat jaarliks nog styg, het die bestuur van ons Genootskap goedgekeur dat Pretoriana no. 93 in eenvoudiger vorm gedruk word. Die daardeur bereikte besparing in geld is van belang.

Die reeks artikels oor die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) wat in 1987 in verband met die herdenking daarvan begin is, word in Pretoriana no. 93 voortgesit met bydraes van onder andere Robert C. de Jong en C. de Jong.

Kol. dr. J. Ploeger publiseer 'n lewensbeskrywing van dr. Hermann Rex, in lewe bestuurslid van ons Genootskap en redakteur van Pretoriana, waarin hy talle artikels laat verskyn het. Die huldigingswoord vir Rex van ons voorsitter, dr. N.A. Coetzee, op 14 November 1987 sluit daarby aan.

Mevrou S.W. Jacobs het 'n artikel oor die grootwinkelbedryf Garlicks se 100 jaar te Pretoria geskryf. Sy doen mededeling van die skooltuinkompetisie in 1987. C. de Jong bied 'n aantekening oor staatssekretaris W.E. Bok in verband met die 100-jarige bestaan van Boksburg 1888-1988, 'n biografie van H.C. Bergsma omdat hy 100 jaar gelede deur Nederland as eerste konsul-generaal in die Zuid-Afrikaansche Republiek aangestel is, 'n biografie van T.C. Sandrock, een van die onversoenlike krygsgevangenes wat in 1903 van Ceylon na Java geemigreer het, en die laaste artikel oor die vyf oorlogskilderye van Reisacher in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria.

## FROM THE EDITOR

Because of the continuing high printing costs, the board of our Society has approved that Pretoriana no. 93 be printed in a simpler format. The saving is important.

The series of centenary articles on the Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), started in 1987, is continued in this issue with contributions by, inter alia, Robert C. de Jong en C. de Jong.

Dr J. Ploeger has written a biography of Dr Hermann Rex who was a member of the board of our Society and editor of Pretoriana to which he contributed many articles. Appended to the biography is the homage paid to him by our chairman, Dr N.A. Coetzee, on 14 November 1987.

There is an article on Garlicks department store's first 100 years in Pretoria by Mrs S.W. Jacobs. She also reports on the 1987 school-garden competition. C. de Jong offers a note on the State Secretary W.E. Bok to coincide with Boksburg's centenary, 1888-1988. He also provides a biography of H.C. Bergsma who was appointed as the Dutch government's first consul general to the Zuid-Afrikaansche Republiek a century ago. In addition there is a biography of T.C. Sandrock who was one of the irreconcilable prisoners-of-war who emigrated from Ceylon to Java in 1903. This issue contains the last article on the five war paintings by S. Reisacher in the National Museum of Cultural History in Pretoria.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERLANDSCHE ZUID-AFRIKAANSCHE SPOORWEG-MAATSCHAPPIJ (2)

deur Robert C. de Jong

Die Randtram.

Tydens die ontwikkeling van die Witwatersrand het Transvaal nog nie oor 'n moderne infrastruktuur beskik nie. Dit het al spoedig duidelik geword dat die stadige vervoer per ossewa nie aan die toenemende eise van die groeiende aantal goudmyne en nuwe myndorpe kon voldoen nie. Die myne het onder meer groot behoefte aan steenkool vir die aandryf van hul masjiene en ander installasies gehad. Kort na 1886 - die ontdekking van ontginbare gouderts aan die Rand - is steenkool by die latere dorp Boksburg gevind, maar die groot vraagstuk was hoe om hierdie energiebron goedkoop, vinnig en doelmatig na die myne te vervoer.

In 1888 het die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) daarom besluit om 'n konsessie vir die aanlê en eksploitasie van 'n sogenaamde "Randtram" tussen Boksburg en Johannesburg toe te staan. Eintlik het die konsessie eerder 'n ligte spoorweg as 'n egte "tramweg" omvat. Enkele belangstellendes het hulle aangemeld, onder wie die NZASM. Hierdie jong maatskappy het naamlik geen vordering met die aanlê van sy Oosterlyn gemaak nie en wou nie werkloos stilsit nie. Die NZASM wou ook bewys dat die Nederlanders net so goed as die Britte in staat was om spoorweë aan te lê en te eksploiteer.

Op 20 Julie 1888 is dan ook die konsessie aan die NZASM toegestaan en is 'n kontrak tussen die ZAR-regering en die Maatschappij gesluit. In Januarie 1889 is met die werk begin en in Maart 1890 het die spoorverbinding tussen Johannesburg en Boksburg tot stand gekom.

Weens die ontdekking van goud aan die Wesrand en van steenkool aan die Oosrand by Springs is reeds in Augustus 1889 besluit om die Randtramspoor na die ooste en die weste te verleng. Die Boksburg-Springslyn is in Oktober 1890 oopgestel en is gevolg deur die baanvak van Johannesburg oor Roodepoort na Krugersdorp in Februarie 1891. Die grond- en messelwerk vir die baanvakke van die Randtram was in die hande van verskillende aannemers. Ander firmas het die ysterbobou (die tramspoor) aangelê of stasies en wonings gebou.

Die ontwikkeling van die Witwatersrand het intussen vinnig gevorder. Reeds in 1891 het die NZASM begin om die Randtramweg in te rig vir swaarder verkeer, eers met die vervanging van die ligte spoor deur swaarder normaalspoor. 'n Voortdurende proses wat gepoog het om tred te hou met die aanhoudende ekonomiese groei van die Rand, was die vergroting van perrons en stasies, die verdubbeling van baanvakke, die vergroting van op- en aflaaifasiliteite, die bou van nuwe stasies, wonings, kantore, loodse ensovoorts. Teen 1900 was die Randtramweg die besigste spoorlyn van Transvaal en stellig een van die besigste in die hele Suid-Afrika.

Die Suiderlyn.

Toe in 1888 met die aanlê van die Randtramweg begin is, het dit reeds

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vasgestaan dat die hawens van Natal en die Kaapkolonie in die afsienbare toekoms by die Transvaalse spoorwegnet sou moet aansluit om toegang tot die Witwatersrand te open. Die ZAR-regering het die belangrikheid daarvan ingesien dat al die verbindings met buitelandse spoorweë deur dieselfde maatskappy, die NZASM, geëksploiteer moes word. Daardeur sou voorkom word dat die Oosterlyn in isolasie en onbruik sou verval en sou agterraak by die Natalse en Kaaplandse verbindings.

Tydens onderhandelinge met die Oranje-Vrystaat in Maart 1889 was die aanlê van die spoorlyn van Pretoria na die Vaalrivier reeds in beginsel goedgekeur. By die Vaalrivier sou die lyn, wat die Suiderlyn genoem is, aansluit op 'n spoorlyn wat die regering van die Kaapkolonie deur die Vrystaat in die rigting van die Witwatersrand sou aanlê.

Die NZASM het sterk daarvoor gevoel om die nuwe lyn aan te lê en te eksploiteer. Die toestand aan die Witwatersrand was teen 1890 sodanig dat 'n spoorverbinding daar aantreklik was. Daar is vinnig met die Oosterlyn gevorder, sodat die moontlikheid dat die Kaaplandse spoorlyne die Rand voor die Oosterlyn sou bereik, geen kommer meer gewek het nie. Johannesburg het steeds gegroei en die Randtram het geblyk 'n groot geldelike sukses vir die NZASM te wees. Bowendien het die groot droogte van 1889 die noodsaaklikheid van 'n spoorweg tussen die hawens en Johannesburg en Pretoria duidelik aangetoon.

Onderhandelinge tussen die ZAR-regering en die NZASM het in Junie 1890 gelei tot wysiging van die oorspronklike Oosterlyn-konsessie. Die hersiene konsessie het die maatskappy die alleenreg vir die aanlê van alle spoorlyne na die grense van die ZAR verseker. Volgens artikel een van die nuwe konsessie het die NZASM nie alleen opdrag tot aanlê en eksploitasie van die Oosterlyn tot Nelspruit nie, maar ook van 'n lyn van Nelspruit na Pretoria, Johannesburg en die Vaalrivier ontvang.

Die Suiderlyn het uit drie seksies bestaan. Die Randtram het by Elandsfontein (nou Germiston) die Suiderlyn in twee gedeel en die derde stuk is gevorm deur die baanvak Elandsfontein-Johannesburg. In Augustus 1890 is met die aanlê van die gedeelte Pretoria-Elandsfontein begin, maar 'n jaar later het al die werk aan die Suiderlyn feitlik tot stilstand gekom weens die finansiële krisis waarin die NZASM gedompel is. Hierdie vertraging sou die Kaapkolonie groot skade kon berokken omdat die Bloemfontein-Vaalrivierverbinding geruime tyd lank onbenut sou bly indien die lyn nie na die Rand en Pretoria voortgesit sou word nie. Die NZASM wou graag die Oosterlyn voor die Suiderlyn voltooi, maar die Maatschappij het geld benodig om sy lyne aan te lê. Hy het geen ander keuse gehad as om met die Kaaplandse regering te onderhandel nie. Hierdie onderhandelinge het gelei tot die Sivewright-ooreenkoms van 10 Desember 1891. Sivewright was minister van Kroonlande en Publieke Werke in die ministerie van Rhodes in die Kaapkolonie. Ingevolge dié ooreenkoms sou die Kaapkolonie onmiddellik 'n bedrag van ten minste £300 000 ter beskikking van die NZASM stel vir die voltooiing van die Suiderlyn. Tewens is die medegebruik van die Suiderlyn ten behoewe van die Kaaplandse spoorweë gereël. Die ooreenkoms sou tot 11 Desember 1894 van krag bly en kon daarna verleng word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Voorlopig het die NZASM weer oor voldoende geld beskik en kon die aanlê van die Suiderlyn energiek voortgesit word. In September 1892 is die baanvak Vaalrivier-Elandsfontein oopgestel en in Januarie 1893 die trajek Elandsfontein-Pretoria.

Die aanlê van die Suiderlyn is aan vier aannemers toevertrou. Twee ander aannemers het die stasies en ploegbaaswonings gebou en nog 'n ander aannemer, Geveke & Co, die belangrike spoorbrug oor die Vaalrivier by Vereeniging. Laasgenoemde aannemer kon nie sy verpligtings nakom nie, sodat die NZASM sy werk moes voltooi.

Net soos die Randtram moes die Suiderlyn van jaar tot jaar meer verkeer hanteer. Nuwe stasies is gestig, maar wonings is gebou en op- en aflaaigeriewe is voortdurend uitgebrei.

Die aanleg van die Suidoosterlyn en die Suidwesterlyn.

Die Suidoosterlyn.


Kort voor die voltooiing van die Oosterlyn in 1894 was dit duidelik dat Pretoria en Johannesburg nie slegs per spoor met die Kaapkolonie nie, maar ook met Natal verbind moes word. Immers was die hawe van Durban digterby as die Kaaplandse hawens en dit sou 'n tyd duur voordat die Oosterlyn as werklik voltooi beskou sou kon word.

Aanvanklik was daar in Transvaal baie teenkanting teen 'n spoorlyn na Natal, omdat daar gevrees is dat hierdie verbinding die Oosterlyn sou benadeel; Durban was immers nader aan die Rand as die Kaaplandse hawens. 'n Spoorweg na die Rand was ewewel vir Natal ekonomies van die grootste belang. Ook Transvaal sou daarby baat vind indien die lyn soveel moontlik oor Transvaalse grondgebied aangelê sou word en onder beheer van die ZAR-regering sou staan. In Natal en Transvaal is invloedryke drukgroepe gevorm. Toe die Kaaplandse spoorweë die Suiderlyn na die Rand as toegang verkry het, was dit in die ZAR nie langer moontlik om die aandrang vanuit Natal af te wys nie. In November 1892 is 'n ooreenkoms tussen die Transvaalse en Natalse regerings oor die verrigting van noodsaaklike opmetings vir die Suidoosterlyn gesluit. Die opmetings is in Maart 1893 voltooi.

Op 3 Januarie 1894 het die twee regerings 'n ooreenkoms vir die aanlê van die Natallyn wat Suidoosterlyn genoem is, gesluit. Die lyn sou vanaf die stasie Charlestown in Natal via die beplande grensstasie by Volksrust na Standerton loop en vandaar oor Heidelberg tot naby Elsburg, 'n stasie aan die Suiderlyn suid van Elandsfontein (nou Germiston). Ten suide van Elsburg sou die Suidoosterlyn hom by die Suiderlyn aansluit.

Die aanlê en eksploitasie van die nuwe lyn is deur die Volksraad van die ZAR op 6 Februarie 1894 aan die NZASM opgedra. Omdat die Maatschappij sy hande vol gehad het met die voltooiing van die Oosterlyn en die aanlê van die Barbertonlyn het hy 'n ooreenkoms met die Natal Government Railways (NGR) gesluit waarby laasgenoemde sou optree as hoofaannemer vir die baanvak van Charlestown na Heidelberg. Die NZASM sou die oorblywende baanvak van Heidelberg na Elsburg self aanbestee. In September 1894 het die aanlê van die tra-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Die vroeëre stasiegebou van die NZASM te Middelburg in Oos-Transvaal, in 1893 in Nederlandse Renaissancestyl gebou. Die gebou is 'n nasionale monument.
Foto C. de Jong.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

jek Heidelberg-Elsburg begin. Dit is in twee seksies verdeel en aan twee aannemers uitbestee. Drie aannemers het die ballasting, spoor- en bruglegging verrig en drie andere het die geboue langs die lyn opgerig.

Die kort stuk tussen Charlestown en Volksrust was in die hande van een aannemer. Vir die uitvoering van grond- en messelwerke het die NGR die baanvak Volksrust- Heidelberg in 12 seksies verdeel wat aan 9 aannemers uitbestee is. Vyf andere het die stasiegeboue, wonings, ploegbaaswonings, watervoorsienings en ander konstruksies langs die lyn gebou.

Die aanlê van die Suidoosterlyn het vinnig verloop. Dit is veral toe te skryf aan die gelyke topografie van die landskap wat deur die lyn deursny is, en aan die goeie samewerking tussen die NZASM en die NGR. Reeds in Augustus 1895 het die baanvak Volksrust-Standerton gereed gekom. Die aansluiting van die laaste spoorstaaf by Heidelberg op 10 Oktober 1895 was 'n feestelike gebeurtenis. Drie maande later is die hele Suidoosterlyn (256 km) vir gereëlde verkeer oopgestel.

Die Suidoosterlyn was 'n belangrike verbinding en van jaar tot jaar het die passasiers- en goederevervoer toegeneem. Dit het gelei tot voortdurende uitbreiding, soos die bou van nuwe stasies, meer wonings, beter watervoorsiening, vergroting van perrons, ensovoorts.

Die Suidwesterlyn.

In Augustus 1893 het die Volksraad van die ZAR besluit om die Randtram vanaf Krugersdorp via Potchefstroom na Klerksdorp te verleng. Daar was verskillende redes vir hierdie verlenging, wat die Suidwesterlyn genoem is: die goudvelde by Klerksdorp waarvan veel verwag is, die landboubelange van die distrik Potchefstroom en die strewe na 'n spoorwegverbinding met die voormalige eerste hoofstad van Transvaal, Potchefstroom. Die roete is in 1894 opgemeet, maar nie deur die NZASM nie. Daar was reeds 'n groeiende opposisie teen hierdie maatskappy merkbaar en selfs 'n groep Volksraadslede was van mening dat aan andere 'n kans tot spoorwegaanlê gegun moes word. Weens die gebrek aan voldoende tegniese kennis by die owerheid is tog die hulp van die NZASM by die opstel van die bestekke ingeroep. Die resultaat was dat die NZASM in Maart 1895 die kontrak vir die aanlê en eksploitasie van die nuwe lyn gekry het.


Die aanlê het in Julie 1895 begin. Die NZASM het die lyn in ses seksies verdeel. Die maatskappy het die konstruksie van grond- en messelwerke van die seksies aan vier aannemerfirmas uitbestee. Een van hulle was Warren & Royce; hulle het hul spore by die aanlê van die Oosterlyn verdien. Hulle het ook die kontrak vir die ballasting en die lê van spoorstawe oor die hele lyn gekry. Vier ander aannemers het die brûe gelê en gestel en nog sewe aannemers, onder wie W.A. de Rapper en M.C.A. Meischke, was verantwoordelik vir die bou van stasies, huise, ploegbaanwonings, waterhouers, loodse en dergelike werke.

Die Suidwesterlyn is in Januarie 1896 tot Potchefstroom vir verkeer oopgestel. Die oorblywende baanvak van dié dorp tot Klerksdorp is in Augustus 1896 voltooi.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



NZASM-stasiegebou te Klerksdorp, in gebruik geneem in 1897 by die opening van die NZASM-lyn van Krugersdorp via Potchefstroom na Klerksdorp. Die styl is Nederlandse Neo0Renaissance. Die gebou is nasionale monument.
Foto Robert C. de Jong 1987.




Op die voorgrond staan 'n sierlike geboutjie wat vroeër langs NZASM-stasie te Klerksdorp (die gebou op die agtergrond) gestaan het en waarvan die bestemming vergete was. Dit is vir 'n vlaekamer vir die stasie gehou en daarom heropgerig.
Robert C. de Jong het onlangs op 'n ou foto van die geboutjie die opskrif "Heeren" gesien. Dit is die enigste toiletgebou in Suid-Afrika wat sorgvuldig gerestoureer is en nou nasionale monument is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hoewel jaarliks 'n toename van verkeer vasgestel is, was die Suidwesterlyn finansieel nouliks 'n sukses. Die gevolg was dat uitbreidingswerke aan die lyn - 156 km lank - in veel mindere mate as by ander NZASM-lyne noodsaaklik geag is. Die Suidwesterlyn was die laaste spoorlyn wat deur die NZASM aangelê en geëksploiteer is. Daarmee is die maatskappy se betrokkenheid by die uitbreiding van die Transvaalse spoorwegnet beëindig.

Die aanlê van die NZASM-lyne: Gevolgtrekking.

Oor die bekende tonnel by Waterval-Boven het een van die aannemers, Warren van die firma Warren & Royce, opgemerk: "... that the tunnel is strong enough, and safe enough, to last till eternity". Hierdie uitspraak is stellig ook van toepassing op die talle stasiegeboue, wonings, brûe, duikers (culverts) en ander bouwerke wat nou nog langs die voormalige NZASM-lyne aangetref word.

Die betekenis van die NZASM.

Dat die NZASM na 100 jaar in Suid-Afrika nog nie in vergetelheid geraak het nie, bewys dat die maatskappy sy spore in die geskiedenis van die land agtergelaat het. Dit is daarom gepas om stil te staan by die betekenis van hierdie onderneming wat Nederland se grootste bydrae aan die ontwikkeling van Transvaal genoem mag word.

Ekonomiese betekenis.

Die NZASM is gebore uit die strewe van die ZAR na 'n eie verbinding met 'n nie-Britse seehawe ter wille van die vry en onbelemmerde kontak met die buiteland, vry van Britse inmenging. Die Oosterlyn tussen Pretoria en die grens van Mosambiek het hierdie verbinding ten slotte in 1895 tot stand gebring en neem dan ook 'n belangrike plek in die NZASM se geskiedenis in. Danksy die NZASM het Transvaal die gewenste verbinding verkry wat bowendien digterby as die Natalse en Kaaplandse hawens was.

Die Oosterlyn was van groot betekenis vir die oopstel en toeganklik maak van die voorheen so geïsoleerde Transvaalse Laeveld wat deur malaria en tsetsevlieg gekwel was. Eenvoudige stasies soos Nelspruit, Malelane, Hectorspruit en Komatipoort het hulle in die loop van jare tot egte dorpe ontwikkel.

Die NZASM het baie gedoen vir die ontwikkeling van Delagoabaai as hawe, onder meer deur die opvulling van terreine, die bou van 'n kaai en 'n ysterlossteier en die drooglegging van moerasse. Voorheen was die hawe-inrigtings baie primitief.

Om topografiese redes het die NZASM besluit om sy hoofspoorlyne by Elandsfontein (nou Germiston) bymekaar te laat kom. Naby dié punt het ook die Kaaplandse en Natalse spoorweë mekaar ontmoet. Dit was dus voor-die-handliggend dat Elandsfontein spoedig die belangrikste spoorwegknooppunt van Suid-Afrika sou word. Nog steeds is Germiston 'n spoorwegsentrum van groot betekenis: 'n erfenis uit die NZASM-tyd.

Tydens die groot stryd oor die vasstelling van spoorwegtariewe met die Natalse en veral die Kaaplandse spoorweë in 1895-96 het die NZASM hom steeds

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vir groter samewerking tussen die Suid-Afrikaanse spoorweë ingespan. In die laaste jare voor die Anglo-Boere-oorlog het die toenadering begin. Eers met Uniestigting in Suid-Afrika in 1910 het die eenwording van die spoorwegstelsels tot stand gekom.

In 1899 het die NZASM 1147 km spoorlyn met sowat 100 stasies en haltes geëksploiteer. Vir die Transvaalse landsekonomie het hierdie netwerk as moderne infrastruktuur groot voordele ingehou. Nie slegs die mynbou nie maar ook die landbou, handel en nywerheid en veral die Witwatersrandse myndorpe het hierby gebaat. Sonder die Randtram sou die voortbestaan van Johannesburg ontmoontlik gewees het. Ook moet ons besef dat die NZASM van groot betekenis vir die kommunikasiewese was. Alle stasies het naamlik ook as pos- en telegraafkantore gedien.

Dikwels is beweer dat die NZASM 'n finansiële meulsteen om die nek van die Transvaalse regering was of dat die maatskappy die staat en die gemeenskap uitgebuit het. Die NZASM het inderdaad goeie winste behaal, maar van die oorwins, dit was die wins na betaling van 5% rente deur die ZAR-regering aan die aandeelhouers, het 85% aan die regering toegekom; in die jare 1895-99 het die bedrag ruim 33 miljoen gulden, dit was £2,75 miljoen, beloop.

Die Duitse en veral die Nederlandse industrie het gebaat by die groot bestellings wat die NZASM geplaas het vir lokomotiewe, rytuie, trokke, onderdele daarvan, spoorstawe, dwarslêers en so meer. Deur die optrede van die NZASM het Werkspoor in Amsterdam byvoorbeeld begin met die bou van lokomitiewe - die eerste lokomotiewe van groot afmetings van Nederlandse fabrikaat. Dit wek dan ook geen verbasing dat die ondergang van die NZASM vir die jong en vooruitstrewende Nederlandse industrie 'n gevoelige slag was. Die NZASM was een van die grootste ondernemings in Transvaal en het aan duisende werkgeleentheid verskaf.

Staatkundige betekenis.

Die spoorwegbeleid van die ZAR het 'n groot plek in sy strewe na onafhanklikheid van die Britse ryk ingeneem. Danksy die Oosterlyn en die beheer oor die so belangrike verbindings tussen die Witwatersrand en die Natalse en Kaaplandse hawens het die NZASM sentraal in hierdie beleid gestaan. Die NZASM was dus 'n instrument van President Kruger se selfstandigheidsbeleid en moes ten koste van alles uit Britse hande gehou word. Mede danksy die beskerming van die ZAR-regering het die maatskappy steeds sterker gestaan en kon Transvaal staatkundig steeds selfstandiger optree. Dit het nie gepas in die Britse plan om heel Suid-Afrika onder Britse bestuur te verenig nie en in 1899 het oorlog uitgebreek.

Sosiaal-maatskaplike betekenis.

Die NZASM was 'n Nederlandse maatskappy met merendeels Nederlandse personeel. Hy het veel bygedra tot die versterking van die Nederlandse element in Transvaal. As deel van die groep van "Krugers Hollanders" moes die NZASM ook dien om Transvaal vir die Nederlandse handel en industrie oop te hou. Deur die optrede van die NZASM het die Nederlandse invloed in die ZAR dan ook aansienlik toegeneem. 'n Gevolg hiervan was die verskynsel van die "Hollander-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

haat". Veral die NZASM was die mikpunt daarvan. Die gebore Transvalers, Kaaplanders en Engelstalige "Uitlanders" het hewige en somtyds onbillike kritiek op die NZASM uitgeoefen. Dit is waar dat die NZASM-personeel sy werk onder dikwels moeilike omstandighede moes verrig, maar ook dat sommige vanweë die lae gehalte van 'n deel van die personeel die naam van die Hollanders geen eer aangedoen het nie.

Tegniese betekenis.

Dit was die NZASM wat eerste op groot skaal die klep- en eksentriekstelsel van Walschaert op stoomlokomotiewe in Suid-Afrika ingevoer het. Vandag is alle Suid-Afrikaanse stoomloko's met hierdie doelmatige stelsel toegerus. Met die toepassing van die metrieke stelsel van mate en gewigte was die NZASM sy tyd 70 jaar vooruit. Verder het die NZASM die gebruik van dwarslêers van Oos-Indiese kiaathout in Suid-Afrika ingevoer.

Kulturele betekenis.

Die NZASM het 'n nuwe element in die boukuns van Transvaal ingevoer, naamlik die spoorwegargitektuur. Die ontwerpe vir redelik groot stasies het 'n spesifieke Nederlandse karakter gekry. Bekend is die NZASM-stasiegeboue in Middelburg, Krugersdorp, Klerksdorp en Heidelberg. Ook het die NZASM 'n groot aantal wonings, brûe, duikers (culverts) en ander bouwerke nagelaat, waarvan 'n gedeelte nog steeds in gebruik is.

Die Nederlandse NZASM-werknemers het die kern van die blanke personeel gevorm en oral waar die NZASM 'n stasie van betekenis gehad het, was 'n groep Hollanders te vinde. Hulle het allerlei klubs en verenigings gestig. Hulle het hulle in Johannesburg en Pretoria by die groot Nederlandse verenigings aangesluit. Die Nederlandse werknemers van die NZASM het dus 'n belangrike aandeel in die versterking van die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika gehad.

Militêre betekenis.

Tydens die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 het die NZASM die taak van militêre spoorwegafdeling van die Boerestrydkragte vervul en dus 'n sleutelposisie in die militêre logistiek ingeneem. Die maatskappy het hele Boerekommando's en Boeregeskut vervoer, ambulanstreine ingerig, brûe en duikers (culverts) wat deur die terugtrekkende Britte verniel was, herstel, sorg gedra vir voortdurende aanvoer van ammunisie, lewensmiddele, trekdiere, waens, persone ensovoorts na die Boerefronte. Die Centrale Werkplaats te Pretoria was van groot militêre betekenis en feitlik 'n soort arsenaal van die ZAR. Daar is hoefysters gemaak, kanonne herstel en selfs nuwe onderdele vervaardig en ammunisie-onderdele gemaak.

In Februarie 1900 het die Boereleërs se terugtog van die Natalse en Kaaplandse fronte begin. Ook in hierdie fase van die oorlog het die NZASM groot dienste gelewer. Talle brûe en duikers is deur sy personeel vernietig om die Britse opmars soveel moontlik te vertraag. Die Britte het dit die NZASM intens verkwalik dat hy by die uitbreek van die oorlog geen neutrale posisie in-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

geneem het nie. Die NZASM het hom egter moreel verplig gevoel om hom aan die kant van die Boererepublieke te skaar.[1] Sy aktiewe rol aan en agter die frontlinies het feitlik sy ondergang na die Britse besetting van Transvaal veroorsaak.

Hedendaagse betekenis.

Toe vir die NZASM sy werksaamhede in Suid-Afrika deur die Britte belet is, is in sekere sin die kern van die Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge aangetas. By die ontbinding van die NZASM in 1908 het 'n deel van die kapitaal as "res nullius" onopgeëis oorgebly. Hiermee is op 15 Februarie 1909 in Amsterdam 'n instelling gestig wat hom beywer vir die betrekkinge tussen beide lande. Dié instelling heet die "Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland" en het die inisiale wat vir die spoorwegmaatskappy gebruik is, behou. Die ZASM sit dus in bepaalde opsigte die werk van die verdwene NZASM voort.

Die NZASM-gedenkboek van 1895 wat by die oopstelling van die Oosterlyn verskyn het, eindig met die sinsnede: "Die nasionale spoorweg (dit was die NZASM) was 'n seën vir land en volk." Uit die voorgaande is af te lei dat die NZASM inderdaad veel vir die staatkundige, ekonomiese en kulturele ontwikkeling van Transvaal gedoen het.

1) Artikel 22 van die konsessie van die ZAR-regering aan die NZASM het gelui: "Bij oorlogsgevaar, in oorlogstijd of ingeval van binnenlandsche onlusten kan de Regeering in het belang der verdediging of van de openbare rust over den spoorweg en al hetgeen tot gebruik daarvan wordt vereischt, beschikken en het gewone vervoer daarop geheel of gedeeltelijk doen staken en alle haar nodig voorkomende maatregelen gebieden, behoudens schadeloosstelling aan den concessionaris." Die NZASM was dus wetlik verplig om hom ter beskikking van die krygsoperasie van die ZAR-regering te stel en kon derhalwe geen afsydige of neutrale houding aanneem nie. Die Britse regering het na die oorlog die verwysing deur die NZASM na hierdie wetlike verpligting aanvaar en die aandeelhouers van die NZASM vir die onteiening van die maatskappy se eiendomme in oorlogstyd in 1908 skadeloos gestel. (Opmerking van die redakteur, C. de Jong.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE NZASM IN DIE OORLOG 1899-1902

deur C. de Jong

Op 21 Junie 1987 was dit 100 jaar gelede dat in Amsterdam die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) gestig is. Hierdie private maatskappy met Nederlandse en Duitse kapitaal het van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) 'n konsessie (alleenreg) vir die aanleg en eksploitasie van spoorweë ontvang. Hy het tussen 1889 en 1899 die hooflyne van die huidige Transvaalse spoorwegnet aangelê, onder meer die Oosterlyn tussen Komatipoort en Pretoria. Dit was die lank gewenste kortste verbinding van die ZAR met die see en wel met 'n nie-Britse seehawe. Die opening daarvan in 1895 was dan ook 'n hoogtepunt vir die ZAR en die NZASM.

Die "Maatschappij" het sy bedryf in Suid-Afrika slegs kort, van 1887 tot 1900, uitgeoefen. Dit is ontydig deur die Britse besetting van Transvaal in 1900 beëindig. Maar die NZASM het baie konstruksiewerke nagelaat, soos stasiegeboue, brûe, tonnels en personeelwoninge, wat nog daagliks gebruik word. Enkeles is nasionale gedenkwaardighede.

Die onderhawige artikel konsentreer op die NZASM se bedrywighede tydens die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1900, waaraan historici nog min aandag gewy het.

"Räder müssen rollen für den Sieg!"

Die wye ruimte van die uitgestrekte Suid-Afrika kon in die 19de eeu slegs deur die spoorweg verower word. Suid-Afrika was en is 'n spoorwegland en die oorlog in 1899-1902 was 'n stryd om die besit van die spoorweë. Daarom geld die strydleus wat ek in Duitsland in 1944 op mure en geboue gelees het, ook vir Suid-Afrika 1899-1902: "Räder müssen rollen für den Sieg!" Spoorwegwiele moet rol vir die oorwinning!

By die nadering van die oorlog soos 'n onafwendbare noodlot het die ZAR-regering op 13 September 1899 sy reg, gebaseer op artikel 22 van die NZASM-konsessie, toegepas en die Maatschappij en sy personeel onder die bevele van die kommandant-generaal P.J. Joubert geplaas, d.w.s. in diens van die oorlogvoering gestel. Die regering het hierdie reg reeds gebruik by die Jameson-inval in 1895/96. Toe het L.S. Jameson, bestuurder van die British South African Company, met 500 polisietroepe Transvaal binnegeval om president Kruger se omstrede bewind deur 'n regering van Britsgesinde immigrante te vervang. Hulle is tot oorgawe gedwing. Die NZASM is gelas om burgers op kommando en krygsbehoeftes te vervoer. Die mobilisasie in 1895/96 was as 't ware 'n kleedrepetisie vir die mobilisasie in 1899 en is uitgevoer deur Ir. J.A. van Kretschmar van Veen wat toe as besturende direkteur van die NZASM waargeneem het vir Ir. G.A. Middelberg. Laasgenoemde het van verlof in Europa teruggekom en op 1 Januarie 1899 sy taak blywend aan Van Veen oorgedra. Van Veen het dus in September 1899 die NZASM vir die tweede maal onder militêre bevel geplaas. Hy was een van die NZASM-leiers wat almal die Boererepublieke

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

geheel lojaal gedien het.

Die NZASM-personeel

Die "Maatschappij" het 'n talryke personeel, onder wie talle nasionaliteite, gehad. Dit het in 1899 3043 blankes en 3712 gekleurdes omvat. Die meerderheid blankes, 1777, was Nederlanders, van wie 1536 geen ZAR-burgers was nie.

Van Veen het in dagorder 32 van 8 September 1899 die personeel gedragslyne in oorlogstyd voorgeskryf. Hulle moes die militêre vervoer volledig dien maar mog geen wapens dra nie en nie aan gevegte deelneem nie. By nadering van die vyand moes hulle die materiaal en hulself soveel moontlik buite sy bereik bring. Kon hulle nie wegkom nie, dan moes hulle die werk neerlê tensy die vyand hulle dwing. Met hierdie gedragslyne het Van Veen probeer om die personeel soveel moontlik neutrale status te verskaf. Personeel wat opgekommandeer is, het 'n deel van hul salaris ontvang en mog na die NZASM terugkeer. Personeel wat sonder toestemming van die NZASM op kommando gegaan het, is dadelik ontslaan.

Die groot uitdagings

Die oorlog het die NZASM voor 'n reeks groot uitdagings of toetse geplaas. Hulle was in tydsvolgorde die volgende.

(1) Die vervoer van vlugtelinge - By die nadering van die oorlog het talle mense uit die Boererepublieke gevlug: blankes (veral Britte), bruines (o.a. Indiërs) en swart mynwerkers. In September-Oktober 1899 het die uitgaande personevervoer verveelvoudig tot 131 000, onder wie 50 000 blankes. Hulle moes ten dele in veetrokke en oop trokke plek inneem omdat daar 'n tekort aan rytuie was.

(2) Die mobilisasievervoer - Die NZASM-leiding wou lojaal met die kommandant-generaal saamwerk, maar het vergeefs om planne vir die mobilisasievervoer gevra. Toe die burgers en krygsbehoeftes na die grense gestuur is, moes die NZASM alles improviseer, onder meer dadelik los- en laaigeriewe te Zandspruit as konsentrasiepunt van kommando's vir Natal bestem, maak. Origens het ook die mobilisasievervoer redelik vlot en sonder ongevalle van betekenis verloop.

(3) Die spoorvervoer in besette gebied - By verrassing het die kommando's in Oktober-November 1899 groot gebiede anderkant die republiek se grense beset en daar 5 maande lank gebly. Die NZASM het opdrag ontvang om die spoorvervoer in die besette gebied te organiseer en om personeel uit te leen aan die Pretoria-Pietersburgspoorlyn wat aan 'n Britse maatskappy behoort het, en aan die Vrystaatse spoorweë waarvan ook personeel ontslaan is of gevlug het. Die NZASM het vervoergeriewe herstel en materiaal en personeel verskaf, in die eerste plek in Noord-Natal. Daar het die NZASM 187 km spoor van Volksrust na die Tugela en die lyn van Ladysmith na Harrismith in bedryf gebring. Hy het twee ligte lokomotiewe per pad na die baanvak van Nelthorpe na die Tugela, 11 km, en na die lyn tussen Ladysmith en Harrismith gebring om die twee lyne te bery.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In hierdie fase het die nie-militêre vervoer só afgeneem dat die NZASM sy vervoerpligte sonder groot moeilikhede kon nakom. Van tyd tot tyd was daar groot troepeverplasings, onvermydelik op baie kort termyn aangekondig, om die Boerefronte aan die Tugela en Kimberley te versterk.

(4) Die wapenindustrie - Afgesien van die dinamiet- en kruitfabriek te Modderfontein by Johannesburg het die republieke geen wapenindustrie gehad nie. Dit moes dadelik geïmproviseer word. Die groot en uitstekend toegeruste Centrale Werkplaats van die NZASM in Pretoria is bekwaam deur die Sweed Ir. A.C.H. Uggla gelei en moes saam met Thomas Begbie in Johannesburg granate maak. Hy het binne 48 uur vier ambulanstreine vir gewondevervoer uit Natal ingerig en het baie vernuftig kanonne herstel, o.m. 'n Long Tom wat by Ladysmith swaar beskadig was, en nuwes gemaak. Uggla het daarom die bynaam "die kanondokter" gekry.

(5) Die terugtog van die Boere - Die ontset van Kimberley en Ladysmith deur die Britte, die oorgawe van generaal P.A. Cronjé met sy leër by Paardeberg en die prysgawe van die Tugelalinie, albei op 27 Februarie 1900, het 'n beslissende wending in die oorlog gebring. Ná die datum het die Boere op alle fronte teruggetrek. Die Britse leër het suksessiewelik al die spoorlyne en stede in die republieke beset. Dit was vir die republieke en die NZASM 'n tragiese tydperk van aftakeling en verliese en die begin van die einde. Die NZASM-personeel het volgens opdrag soveel moontlik materiaal buite bereik van die Britte gebring of verniel en die een brug na die ander opgeblaas, waaronder die groot brûe by Colenso, Norvalspont en Vereeniging. Die dieptepunt is bereik by die eindpunt van die Oosterlyn in Komatipoort. Daar is baie rollende materiaal gekonsentreer en by die Britte se besetting van Komatipoort in September 1900 het daar die NZASM se bedryf geëindig waar dit in 1889 begin het. Ongeveer 1000 trokke van die "Maatschappij" is na Mosambiek gebring, maar ondanks protes het die Portugese regering hulle aan die Britte uitgelewer.

In hierdie afbraakperiode het twee ernstige ongelukke die NZASM getref. Tot dusver was daar slegs 'n paar aanslae op brûe in Noord-Natal wat min skade aangerig het. Op 17 Junie 1900 is 'n brug by Malelane opgeblaas deur 'n Duitse immigrant van Port Shepstone, Francis Christian Ludwig Steinacker. In teenstelling tot die meeste Duitse immigrante het hy kant vir die Britte gekies en by die Colonial Scouts aangesluit. Hy het 'n aanslag op die Oosterlyn beraam om hierdie lewensaar van die ZAR af te sny en met 'n paar metgeselle (4 of 8) en 'n muilwa met 100 pond dinamiet deur Swaziland na Komatipoort getrek. Die spoorbrug was daar egter bewaak en toe het hy 'n klein brug by Malelane 60 km wes van Komatipoort vernietig in die nag van 16 of 17 Junie 1900. 'n NZASM-goederetrein het by die brug ontspoor en die drywer, die Sweed Carl Samuelsson, die stoker en die kondukteur het omgekom. Die brug is spoedig herstel, maar die NZASM het die vervoer snags gestaak.

Steinacker en sy metgeselle het terug na Swaziland gevlug en onderweg 'n patrollie van die ZARP met kommandant J. van Dam gevange geneem. Die Britse leërleiding was deur Steinacker se optrede beïndruk en het hom toegestaan om 'n ongereëlde vrykorps, Steinacker's Horse, te stig.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Het laten springen van de spoorwegbrug bij Frere, ten zuiden van Ladysmith, door de Boeren.

Die opblaas van die spoorbrug by Frere oor die Blauwkransrivier in Noord-Natal deur NZASM-personeel einde November 1899 tydens die Britse opmars na Colenso. Die brug was 45 meter lang met twee spanne.
Uit: L. Penning, *"De oorlog in Zuid-Afrika"*, D.A. Daamen, Rotterdam 1899.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die tweede ongeluk het in die begin van September 1900 te Hectorspruit voorgeval. In die nag het 'n trein, gelaai met kanonne, ammunisie en trekdiere, teen 'n ander gelaaide trein vasgery. 'n Paar mense het omgekom, gewonde diere moes van kant gemaak word en die skade was groot. Die eerste trein is getrek deur NZASM-lok 81, die "Regeeringscommissaris Smit" genoem. Hy was 'n ongelukslok, want hy het met 'n trein op 2 Desember 1898 by Hectorspruit verongeluk toe stormwater die brug daar weggespoel het.


(6) Die uitwysing - By die Britse besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 het Van Veen daar gebly en Ir. Th. Steinmetz met die bedryf op die Oosterlyn en ander nog beskikbare spoorlyne belas. Van Veen is 'n paar weke met rus gelaat, maar op 13 September het die Britte beslag op alle eiendomme van die NZASM gelê en Van Veen en sy gesin beveel om op 16 Oktober 1900 Suid-Afrika te verlaat. Hy is intussen baie beleefd behandel.

Van die NZASM-personeel het enkele lede van Britse herkoms in diens van die Imperial Military Railways getree, maar die origes het dit geweier en hulle is omstreeks 1400 in getal met hulle gesinne uit Suid-Afrika verban. Hulle kon slegs 'n paar tasse met goed saamneem. Die NZASM het hierdie berooide mense in Nederland gehelp met voorskotte en bemiddeling vir ander betrekkings. Talle van hulle is deur die spoorweë in Nederland of Oos-Indië aangestel. Sommige van hulle het spoedig na die oorlog na Suid-Afrika teruggegaan omdat hul hart hier gebly het, en swaargekry in die depressie van 1903-08. Hulle was talryk genoeg om in 1934, 30 jaar later, die Bond van Oud-NZASM-Personeel in Pretoria te stig.

(7) Die likwidasie - Die NZASM se bedryf in Suid-Afrika is in 1900 beëindig en in Junie 1901 het opskorting van sy betalings gevolg. Na langdurige onderhandelinge het die Britse regering in 1908 toegestem om die NZASM-aandeelhouers 'n redelike skadevergoeding vir die onteiende besit van die Maatschappij te betaal. Die NZASM is toe gelikwideer en het verdwyn, maar twee herinneringe agtergelaat. Die eerste is die gedenkboek "In memoriam NZASM". Dit is 'n geskiedwerk wat skaars is by ondernemings wat gelikwideer is en getuig van die Nederlanders se trots op die Maatschappij. Die tweede herinnering is die ZASM. 'n Deel van die skadevergoeding deur die Britse regering is nie opgeëis nie en deur die likwidateurs in 'n fonds ter bevordering van die nie-diplomatieke betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland gestort. Die fonds word beheer deur die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland, die ZASM, wat die inisiale van die NZASM wou behou. Die Stichting is nog steeds aktief en het buitengewoon veel tot die bedoelde betrekkinge bygedra.

Slotbeskouing - Die NZASM het die Boererepublieke getrou gedien en saam met hulle eervol ondergegaan. Tog het hy daarvoor min en eers laat dank van owerhede en kritici ontvang. Hy was by die Suid-Afrikaanse kritici van Kruger se bewind ongewild weens sy alleenreg, beweerde te hoë tariewe, swak dienste en te ligte rollende materiaal. Hiervan is waar dat kapitaalgebrek die NZASM tot gebruik van ligte materiaal genoodsaak het, maar sy bedoeling was om dit te vervang deur sterker lokomotiewe en geriefliker rytuie. Die NZASM-personeel is beskou as behorende tot Kruger se Hollanders wat ten onregte bevoordeel is. Die kritiek is tydens die oorlog voortgesit ondanks die bydrae van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services


De brug over de Tugela bij Colenso door de Boeren verwoest.

Die opgeblase spoorbrug oor die Tugela by Colenso, 166 meter lang met vyf spanne en pylers van 12 meter hoogte.
Die mooi brug is deur NZASM-personeel opgeblaas op 28 November 1899, ondanks besware van die NZASM-ingenieu tteen die opdrag van die kommandant-generaal.
*Uit: L. Penning, "De oorlog in Zuid-Afrika", D. A. Daamen, Rotterdam 1899.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die NZASM en sy personeel aan die oorlogvoering. Die historikus Dr. D.J. Coetzee meen dat die personeel lofwaardig gepresteer het, maar dat die NZASM nie meer as sy plig gedoen het nie omdat hy soveel aan die ZAR-regering te danke gehad het. Hy vertolk die Afrikanerstandpunt jeens dié maatskappy.[1]
Na 100 jaar terugkykend na die NZASM mag die Nederlanders van toe en tans trots op hom wees.

1) D.J. Coetzee, "Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek 1872-1899", Kaapstad 1940.

- o -



Die verwaarloosde begraafplaas op Komatipoort in 1983 met oorgroeide, oorwoekerde grafte van NZASM-personeel. Binne die twee hekke staan die grafstene van die NZASM-ingenieurs J.E. van Ysendijk en Van der Meulen wat in 1887 in die Laeveld malaria opgedoen en daaraan beswyk het.

Foto C. de Jong, Mei 1983.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## JEUGVERHAAL OOR DIE NZASM EN WILDBEWARING

Bespreking deur C. de Jong van John Coetzee, "Die ysterpad see toe", Tafelberg-uitgewers Kaapstad 1987, 105 pp., prys R11,00 + AVB

Die herdenking van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) in 1987 het nie alleen wetenskaplik bedoelde publikasies nie maar ook letterkundige werk geïnspireer. John Coetzee, 'n vrugbare skrywer van jeugverhale met historiese agtergrond, onder meer oor Buks, het hierdie jaar die avontuurverhaal "Die ysterpad see toe" by Tafelberg gepubliseer. Die "ysterpad" is die spoorlyn tussen Komatipoort en Pretoria wat in 1894 oopgestel is as voortsetting van die spoorlyn vanaf Lourenço Marques (nou Maputo genoem). Hy het twee aspekte besonder belig, naamlik die verdwyning van 'n deel van die ossewavervoer deur die koms van die spoorlyne en die NZASM asook die drastiese vermindering van die wildstand in Oos-Transvaal deur die jag vir vleisverskaffing en trofeë tydens die aanleg van die Oosterlyn in 1898-94 en deur die - origens nog beperkte - opelegging van die Laeveld deur die verskyning van die ysterperd op wiele.

Andries Nagel, 'n boer aan die Witwatersrand, sien sy transportbedryf bedreig deur die spoorweë van die NZASM. Hy besluit om 'n jagtog na Oos-Transvaal te onderneem om olifante te skiet en inkomste te kry. Sy seun Dries het sonder sy toestemming na die Oosterlyn gegaan om daaraan te werk. Nagel stuur sy 14-jarige seun Dolf uit om Dries te haal. Dolf vind Dries te Krokodilpoort, maar Dries is geen spoorwegwerker meer nie, dog jagter vir die NZASM. Die jagbedryf geval hom beter as die arbeid aan die ysterpad - 'n houding wat die Boere van dié tyd tipeer.

Dolf maak op Krokodilpoort kennis met Nederlanders en vreemdelinge in NZASM-diens. Hy vind die Nederlanders baie ordentlik, van strikte beginsels (met name insake wildbewaring) en selfbewus. Veral Joop Behrends is teen die onbeperkte jag gekant en help om president Kruger te oorreed om die jag in die Laeveld te verbied. Dolf leer ook die losbandige spoorwegwerkers ken, onder wie die Ierse "gang" wat Lourenço Marques weekliks op horings neem, asook die rowwe jagters van die NZASM en hul bloedige handwerk. Dolf kry daardeur 'n afkeer van die jag. Hy vergesel teensinnig saam met Dries sy vader op die jagtog. Dolf dood slegs één olifant wat hy eerder uit selfbehoud geraak het, om die dier uit sy lyding te verlos.

Coetzee het sy vlot vertelde verhaal deurtrek met fris ironie. Ironies is die doodmaak van die gewonde olifant teen wil en dank deur Dolf wat daarna deur sy pa as 'n jagheld beskou word; die verdwyning van die buitgemaakte olifanttande uit die kamp terwyl dit deur Dolf alleen opgepas word, en die heimlike weggooi van die tande deur die onbesonne Behrends in die rivier. Ironies is ook dat boer Nagel sy gevaarlike mededinger, die kaptein van die NZASM-jagters, ten onregte van diefstal van die tande verdink en 'n nodelose reis na Lourenço Marques maak om sy tande daar te soek, terwyl die kaptein op Krokodilpoort aan malaria beswyk. Ironies bedoel is ook die mannetjie wat in die hospitaaltjie op Krokodilpoort daagliks 'n sjieling kollekteer vir die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

pasient met die hoogste koors, en ten slotte dat oom Nagel afsien van die jagbedryf na oorlewing van koors wat hy in Lourenço Marques oploop, en dat sy vennote die jag wil voortsit, maar daarin verhinder word omdat die president inmiddels die jag verbied het en die oudste deel van die latere Kruger Wildtuin as wildreservaat verklaar het.

'n Lofwaardige toevoeging is die landkaart van Oos-Transvaal met die Oosterlyn en die Kruger Wildtuin teenoor bladsy een.

Die aanleg van die Oosterlyn het inderdaad veel bygedra tot die proklamering van die oudste deel van die Kruger Wildtuin in 1898.

- o -

## 'N BESKRYWING VAN PRETORIA IN 1868

deur C. de Jong

Friedrich Heinrich Jeppe (1834-1898) was 'n Duitse immigrant en 'n veelsydige staatsamptenaar, kartograaf en joernalis in Transvaal. Hy is in 1898 te Pretoria oorlede. As posmeester-generaal te Potchefstroom gevestig het hy in 1868 die brosjure "Die Transvaalsche oder Süd-Afrikanische Republik" as "Ergänzungsheft zu Petermann's Geographischen Mittheilungen" (Justus Perthes, Gotha, Duitsland 1868 24 pp.) gepubliseer. Sy brosjure is die oudste beskrywing van Transvaal in die 19de eeu. Op p.7-8 staan 'n paar reëls oor Pretoria, die beskeie hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Jeppe skryf ten onregte dat die dorp na M.W. Pretorius genoem is. Hierdie Staatspresident het die dorp as nuwe hoofstad in 1855 gestig en na sy vader, Andries Wilhelmus Johannes, 'n vooraanstaande Voortrekkerleier, genoem.

Hier volg Jeppe se teks, uit die Duits vertaal:

"Pretoria is genoem na die huidige president van die (Zuid-Afrikaansche) Republiek, M(arthinus) W(essel) Pretorius, en is tans die regeringsetel, geleë aan die Apiesrivier, 18 uur (te perd) ten noordooste van Potchefstroom. Die dorp tel 300 bou-erwe, 80 huise en 300 inwoners. Dit het 'n goewermentskool, twee Hollandse kerkgeboue, vyf winkels, 'n hotel en 'n drukkery wat nou die regeringsblad, die "Staats Courant", uitgee. Die Volksraad hou hier elke jaar sy sittings en die registrasie-, ouditeurs- en skatkiskantore asook die regeringskantore is hier gevestig.-"

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## VOOR EN TEEN DIE NZASM

deur C. de Jong

Tydens sy bedrywighede 1887-1900 was die NZASM die onderwerp van lewendige diskussie vir of teen die maatskappy as konsessiehouer van spoorweë in Transvaal. Dit is daarom opvallend dat by die herdenking van die NZASM in 1987 die waardering en lof vir hom algemeen en die kritiek uitsondering was. Een van die min kritici was mnr. H.L. Pivnic, skrywer van die boek "Railway dining cars in South Africa", uitgegee deur South African Transport Service Museum, Johannesburg, 1985, 415 pp., deur D.H. Heydenrych bespreek in "Historia", jaargang 32 no. 1, Pretoria, Mei 1987, p.134-135. Hieronder volg mnr. Pivnic se mening, afgedruk in "Esprit de Corps", uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, jaargang 3 no. 6, Junie 1987, p.4:

"Platform.

NZASM - Reason to celebrate?

The NZASM - 100 years later

by H.L. Pivnic

On 21 June this year, the old Transvaal Republican railway system NZASM would have been, in terms of Company establishment, 100 years old.

There are pleas for celebrations to mark the Company's centenary. On face value, there is nothing wrong with promoting such a celebration BUT, the ZASM enthusiasts are being carried away by their own enthusiasm and the layman will be led to believe that an actual working railway came into existence 100 years ago! This is not so - we must wait until 1990 to celebrate the opening of the first ZASM line - the "Rand Tram" that operated between Braamfontein and Boksburg. The ZASM mainline - the "oosterspoor" to Pretoria opened in 1894.

I am told that the socio-political history of the NZASM is an interesting and fascinating subject. However, the technical side leaves me with serious reservations.

The NZASM locomotives and rolling stock were of poor design and totally unsuited to the work which they were expected to perform.

The ZASM's largest locomotive type - the B class 46 tonner was expected to fill the role of mainline prime mover over a distance of 462 km. For such a locomotive, this was ridiculous. Then to add insult to injury, the locos were prone to derailment running chimney-first so they had to be worked bunker-first!

When one remembers that by 1894 the Cape Government Railways were using 6 and 7th class tender locomotives, one can only commiserate with poor Oom Paul Kruger - the Dutch railway company with headquarters in Holland were really "taking him for a ride"!

If one can leave politics out and confine one's deliberations to technical ability alone, then it is the CSAR which should receive all the accolades! By the time of Union in 1910, the CSAR had pulled the Transvaal/OFS up by it's bootstraps, to contribute the most technically advanced locomotives and pas-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

senger/goods stock to the unified South African Railways.

By all means, celebrate the founding of the NZASM as a company but the technical aspects is best left to slumber in the pages of history."

In dieselfde uitgawe van "Esprit de Corps" swaai 'n ander skrywer op p.7 onder die opskrif "NZASM maak pad na Ooste oop" lof aan die maatskappy toe en in die daaropvolgende uitgawe is die onderstaande reaksie van C. de Jong opgeneem.

Waarom die NZASM herdenk?

Die mening van mnr. H.L. Pivnic in "Platform, Esprit de Corps" van Junie 1987, p.4, oor die rollende materiaal van die NZASM lyk na 'n variasie van die kritiek wat op die NZASM tydens sy kort bestaan geuit is.

Natuurlik was daar aanleiding vir kritiek, want die NZASM was 'n private onderneming in 'n Derde-Wêreldland, soos Transvaal in sy tyd beskou moet word. Die NZASM was 'n pionieronderneming en kritiek op pioniers is altyd gemaklik. Inderdaad was die NZASM se rollende materiaal ligter as dié van die Kaaplandse en Natalse spoorweë. Die verklaring is dat die NZASM steeds kapitaalgebrek gehad het en nie vrylik op die Londense kapitaalmark kon leen soos die staatspoorweë van Kaapland en Natal kon doen nie. Die doel van die NZASM-direksie was om swaarder materiaal aan te skaf. En in ten minste een opsig was die NZASM voor op die Britse spoorweë in Suid-Afrika, naamlik met die toepassing van die "schaarbeweging" (expansion link) wat deur die Belg Walschaert toegepas is. Sy vinding is eers deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë na 1910 algemeen ingevoer. Die konstruksiewerke van die NZASM was baie deeglik en doen ten dele nog daagliks diens. Verskeie daarvan is tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Daar is dus volop aanleiding om die NZASM te herdenk, ook wat sy tegniese prestasies betref.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT OP GRAF VAN HERMANN REX

Op 20 Junie 1987 het lede van die Genootskap Oud-Pretoria per bus besoek aan die graf van dr. Hermann Rex op Rustenburg gebring om 'n gedenkplaat te onthul. By hierdie geleentheid het die Voorsitter, dr. N.A. Coetzee, die volgende toespraak gehou:

Die lede van die Genootskap Oud-Pretoria verwelkom die weduwee mevrou Martie Rex en haar kinders en die ander lede van die Rex-familie by hierdie geleentheid. "Ons is dankbaar om hier op die graf van Hermann Rex 'n gedenkplaat te onthul in erkentlike herinnering aan die lewe en werk van een van sy voortreflikste ondersteuners. Nie alleen was hy vir lang jare bestuurslid van die Genootskap nie, hy was ook verskeie kere redakteur van die Vereniging se tydskrif "Pretoriana" en hy het die deurslag gegee vir die behoud van die Wesfasade van Kerkplein in Pretoria deur sy uitgawe nommer 72 van "Pretoriana" in Desember 1975, 'n werk van 250 bladsye met die titel 'Kroniek van die Wesfasade'. Ons kan hier onmoontlik sy werk volledig bespreek, maar sal vroeg in 1988 'n artikel oor sy lewe en werk in "Pretoriana" publiseer. Hy was by uitnemendheid historikus van die Zuid-Afrikaansche Republiek se mense en prestasies. Ons vra nou sy weduwee en dogter om die gedenkplaat op sy graf simbolies te onthul deur 'n kransie daarop te lê. Ons is dankbaar vir so 'n lewe.

Dank word betuig aan die lede van die Genootskap Oud-Pretoria en die toerleiers mnr. en mev. Andrews vir hul teenwoordigheid asook aan die familie Rex van Rustenburg. Die inspirasie wat Hermann se vader en moeder - 'n nooi Steenekamp - hom in sy lewe en werk gegee het, word hiermee ook geëer. Ons bring hulde aan Hermann Rex se nagedagtenis."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# TER HERINNERING AAN DR. HERMANN MORITZ REX, 1918-1981

deur Kol. Dr. J. Ploeger

"Dr. Rex het 'n vrugbare pen gehad. Wat hy geskryf het, het meestal oor die kultuurgeskiedenis of oor die plaaslike geskiedenis gegaan."

Dr. N.A. Coetzee (1982)

"Dit is met groot dank en waardering dat mens die persoon en werk van dr. Rex in herinnering roep. Hy was 'n bouer wat onvermoeid en enduit gewerk het vir die kennis en waardering van die geskiedenis en die kergeskiedenis van die Transvaalse Afrikaner."

Prof. dr. A.D. Pont (1984)

"Hermann Moritz Rex is op 30 Julie 1918 op die plaas Boschfontein suid van die dorp Rustenburg gebore. Hy was die sewende kind van John Bailie George Rex (1873-1932) en sy eggenote Johanna Cornelia Steenkamp (1882-1948). Die vader was een van die tien seuns van die bekende George Wellington Rex (1840-1923) wat op sy beurt 'n kleinseun van die stamvader van die Rex-geslag in Suid-Afrika George Rex (1765-1839) en sy tweede vrou Carolina Margaretha Ungerer was. Met verwysing na die stamvader het Hermann Moritz Rex in 1966 die lewensloop van George Wellington Rex, die seun van Frederick Rex (1811-1850) en Johanna Elizabeth Bain, beskryf.[1]

Op 15-jarige leeftyd het G.W. Rex van Graaf-Reinet na die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) getrek en hom as winkelklerk op Potchefstroom gevestig. Gedurende die volgende 30 jaar sou die handel steeds in die middelpunt van sy belangstelling bly. Terselfdertyd sou hy 'n liefde vir die boerebedryf begin ontwikkel en in Transvaal rondswerf (Potchefstroom 1855-1858, Rustenburg 1858-1864, Waterberg 1864/65-1871, Rustenburg 1871-1873, Potchefstroom 1873-1878, Hekpoort 1878-1885, Zandfontein 1885-1889, Rustenburg 1889-1892). Geleidelik het sy belangstelling ten aansien van boerdery begin toeneem en vanaf omstreeks 1892 het George Wellington 'n deel van die plaas Boschfontein nr. 193 van sy vriend en handelsvennoot John Bailie gehuur. In 1896 het die genoemde deel in George Wellington se besit oorgegaan. Drie jaar later het hy sy besit vergroot, sodat hy mettertyd aan elkeen van sy 13 kinders 'n plaas kon gee.

Die ouerlike opstal het as Hunter's Rest bekend gestaan. Daar het George Wellington Rex en sy eggenote tot 1919 bly woon om vervolgens by hulle jongste dogter, mev. Georgina Röth, op die oostelike gedeelte van Boschfontein te gaan woon.

## (1) Jeugjare.

In hierdie landelike omgewing by Rustenburg het Hermann Moritz Rex opgegroei. Vermoedelik is hy beïnvloed deur die omstandighede verbonde met Boschfontein se verlede, sowel as die geskiedkundige agtergrond van die dorp Rustenburg en die feit dat die volwasse lede van die geslag Rex lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk was. Op hierdie geskiedkundige landelike fonda-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mente sou Hermann voortbou. Later sou die verlede van Pretoria en die veelvuldige herinneringe aan die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) die reeds gevormde fondamente verbreed en verdiep.

Hy het sy laerskooljare gedeeltelik in die vertroude omgewing van Boschfontein deurgebring. Daarna is die skool na die aangrensende plaas Waterkloof wat voorheen aan president S.J. P. Kruger behoort het, oorgeplaas. Van dié plaasskool is hy omstreeks 1930 na die Rustenburgse Hoërskool. Dié skool is op 1 Februarie 1922 geopen en was in 'n beskeie, as voorlopig bedoelde gebou gevestig.[2] Voor die ontwikkeling van die mynbou rondom die dorp was Rustenburg die beskeie ekonomiese, kerklike en maatskaplike middelpunt van die gelyknamige distrik. Op die gebied van onderwys en opvoeding het die destydse hoërskool 'n uitstekende naam gehad.[3] Hermann se vader is in 1932 oorlede en dié droewige gebeurtenis het as gevolg gehad dat die weduwee met haar kinders na Rustenburg getrek het.

Vermoedelik het dieselfde gebeurtenis ook die geldelike toestand waarin die gesin verkeer het, nadelig beïnvloed. Soos talle van sy tydgenote was Hermann later verplig om in verskillende werkkringe en met onvermydelike onderbrekings sy studie voort te sit. Teen die einde van 1935 het hy sy Transvaalse matrieksertifikaat verwerf. Omstreeks dié tydstip het by hom die begeerte ontstaan om hom vir predikant in diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die Universiteit van Pretoria te bekwaam. Met dié doel voor oë het hy hom in 1936 as student aan sy toekomstige alma mater[3a] laat inskryf.

(2) Jare van studie en werk.

Teen die reeds gesketste agtergrond het Hermann met sy universitêre studie begin. Die reeds genoemde kerkgenootskap het nie oor 'n studiefonds beskik nie. In sy huldigingsbydrae van 1982 het dr. N.A. Coetzee tereg opgemerk dat Hermann Rex sy verskeie grade met lang tussenposes behaal het. In dié verband het dr. Coetzee aangevoer dat Hermann deurgaans in sy eie onderhoud moes voorsien en onder meer as 'n klerk in die Staatsdiens en 'n tweetal leningsbanke en as vryskut-joernalis gewerk het, voordat hy na die onderwys oorgegaan en sy lewe met meer bestaansekerheid begin verloop het.[4]

Uitvloeisel van die gesketste omstandighede was onder meer dat sy tydperk van registrasie in verband met die verkryging van die BA-graad oor die jare 1936-1948 uitgestrek was en die genoemde graad op 9 Oktober 1948 aan hom toegeken is.

Met inagneming van die reeds vermelde aanvanklike studiedoel het die kandidaat se belangstelling terselfdertyd na die Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis begin uitgaan.[5] Dié ontwikkelingsgang blyk uit die volgende oorsig van die kursusse wat hy met welslae voltooi het:

1936 - Afrikaans I, Afrikaanse kultuurgeskiedenis, Nederlandse kultuurgeskiedenis A.

1937 - Nederlandse kultuurgeskiedenis B, Grieks 1, Afrikaanse kultuurgeskiedenis.

1938 - ekonomiese geskiedenis, Hebreeus 1.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1940 - Grieks 2.
1941 - Nederlandse kultuurgeskiedenis C.
1943 - Geskiedenis 3, Afrikaanse kultuurgeskiedenis 3;
1945 - Wysbegeerte 1.[6)]

Behalwe dat Hermann hom ernstig aan sy studie gewy het, het hy sy deel aan die verenigingslewe van die studente bygedra. Volgens Trek was hy in 1939 tesourier van die binnemuurse tak van die Afrikaans-Nasionale Studentebond (ANS).[7)] Uit ander bronne is bekend dat hy ook 'n rol in die Afrikaanse Studentebond (ASB) en die Nasionale Jeugbond gespeel het, terwyl hy gedurende die Tweede Wêreldoorlog ook lid van die Stormjaers was.[8)]

In sy studiejare ter verkryging van die BA-graad was prof. dr. H.M. van der Westhuysen (Afrikaanse kultuurgeskiedenis), prof. M. Bokhorst (Nederlandse kultuurgeskiedenis) en prof. dr. I.D. Bosman (geskiedenis) onder die leermeesters wat hom gevorm het.[9)]

Mylpaal in die lewensloop van Hermann Rex was die jaar 1955 waarin hy die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma (THOD) op 7 Junie met lof behaal het. Op dié wyse is hy in staat gestel om sy vroeëre werkkringe vaarwel te sê en in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement te tree.

(3) In die onderwyswêreld - die MA-graad verwerf.

Terwyl die Onderwyskollege Pretoria in 1987 slegs oor personeelregisters tot ongeveer 1962-1963 beskik het en die destydse personeeladministrasie op poste gerig was, het die Transvaalse Onderwysdepartement die volgende besonderhede in verband met die onderwysloopbaan van wyle dr. H.M. Rex verstrek:

(1) 11 Oktober 1955 - 15 Januarie 1956 assistent-onderwyser by die Germiston Boys High School.

(2) 16 Januarie 1956 - 25 September 1956 assistent-onderwyser by die Danville Laerskool - prinsipaal dr. W.H.J. Punt.

(3) 26 September 1956 - 31 Desember 1957 gesekondeer as waarnemende dosent na die Onderwyskollege Pretoria.

(4) 1 Januarie 1958 - 31 Desember 1964 dosent in godsdiensonderrig Onderwyskollege Pretoria.

(5) 31 Desember 1964, laaste dag van diens; bedank met ingang van 1 Januarie 1965.[10)]

Reeds voordat Hermann Rex tot die onderwyswêreld toegetree het, het hy met sy universitêre studie voortgegaan, in 1954 sy graad Geskiedenis 2 verwerf en 'n jaar later sy eksamen in die eerste en tweede gedeelte van die MA-graad - vereistes in Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis - met besonder goeie resultate afgelê. In 1956 het hy sy verhandeling "Die geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria" voorgelê en met lof in die besondere deel geslaag en die genoeë gesmaak om die finale persentasie A te verwerf.[11)]

Met betrekking tot die reeds genoemde MA-verhandeling het die suksesvolle kandidaat baanbrekerswerk verrig deur 'n nog onontgonne terrein van die vroeë geskiedenis van Pretoria en sy bougeskiedenis te betree. Tewens was hierdie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Lede van die Genootskap Oud-Pretoria by die grafsteen van Dr. Hermann Rex tydens die kranslegging te Rustenburg op 20 Junie 1987.
Foto Tom Andrews.





Mevrou Marie Rex en ander familie van Dr. H.M. Rex by grafsteen tydens die kranslegging namens die Genootskap Oud-Pretoria te Rustenburg op 20 Junie 1987.
Foto Tom Andrews.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

deeglike studie die beginpunt van die toespitsing van 'n deel van die skrywer se nougesette speursin en skeppingsdrang ten opsigte van die yerlede van sy geliefde Pretoria van weleer en die opeenvolgende goewermentsgeboue van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

(4) Bekroning van die akademiese studie.

Terwyl Hermann Rex van 26 September 1956 tot 31 Desember 1957 as waarnemende dosent aan die Onderwyskollege Pretoria gedoseer het, het hy besluit om 'n poging aan te wend om sy akademiese studie af te rond en vir die verkryging van die D.Phil-graad aan sy alma mater in te skryf. Sy oogmerk was om sy akademiese studie in Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis op 'n waardige wyse af te rond. In 1964 het hy die verpligte doktorale vakeksamen met 'n persentasie van 80 afgelê. Reeds in 1961 het hy in Nederland navorsing oor die lewe en werk van Sytze W. Wierda (Hemrik, provinsie Friesland, Nederland 28 Februarie 1839 - Kaapstad 10 Desember 1911) tydens sy Nederlandse periode verrig en aandag aan sy latere medewerker in die ZAR, die argitek Klaas van Rijse Jr., gewy. Terselfdertyd het hy 'n diepgaande studie van die 19de-eeuse Nederlandse boukuns en die vorming en opleiding van argitekte in Nederland ter hand geneem.

Sy proefskrif het uiteindelik die titel "Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek" gedra. Ook in hierdie geval was daar sprake van baanbrekerswerk en is die betekenis van die eerste "Gouvernements Ingenieur en Architect", tewens "Hoofd van Publieke Werken" van die ZAR, sowel ten opsigte van die boukuns in Nederland as in sy aangenome tweede vaderland uitvoerig en met liefde en toewyding beskryf.

In die curriculum vitae van die promovendus wat by die toekenning van die D. Phil-graad op die gradeplegtigheid op 19 April 1975 voorgelees is, het die promotor, prof. dr. P.G. Nel, en die mede-promotor, prof. dr. H.M. van der Westhuysen, onder meer verklaar:

"Tot onlangs was daar min bekend oor die huislike, kerklik-godsdienstige en vakkundige agtergrond van Sytze Wierda... Na noukeurige navorsing het die promovendus die resultaat in sy proefskrif ... op skrif gestel. Terselfdertyd beskik ons nou oor 'n diepgaande kennis aangaande die Nederlandse tydperk in die lewe en werk van 'n vooraanstaande verteenwoordiger van Kruger's Hollanders wat saam met sy Nederlandsgebore en -gevormde vakkundige medewerkers 'n unieke hoofstuk aan ons kultuurgeskiedenis, veral ons bou- en brugboukuns, toegevoeg het."

Verder het dieselfde promotors verklaar dat die promovendus daarin geslaag het om in 'n ernstige leemte in ons kennis van die vormingsjare van 'n gewaardeerde hoofamptenaar en van 'n spesifieke terrein van ons Transvaalse verlede met welslae aan te vul.[13)]

Op hierdie hoë noot van sy promotors het dr. Hermann Rex 'n akademiese studie wat in totaal - met die noodsaaklike onderbrekings - byna veertig jaar omvat, met die hoogste graad van welslae afgesluit. Hy het ten spyte van onderskeie teenslae en die noodsaaklikheid om van koers te verander sy uit-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

eindelike doelstellings nooit uit die oog verloor nie. Geseën met 'n bykans bomenslike wilskrag en ywer sowel as volharding het hy die voorreg gesmaak om te midde van die storms en wisselvallighede van die lewe en met sy oë voortdurend gerig op die groot Stuurman van alle tye die aardse hawe van bestemming te bereik. Sy genoemde akademiese werkstukke staan tot vandag toe in die teken van unieke baanbrekerswerk. Een van die latere liefhebbers en gedeë studente van die geskiedenis van geboue en boumeesters in die Pretoria van weleer, die bekende argitek Hannes Meiring, het in sy inleidende dankbetuigings in sy boek "Pretoria 25" geskryf: "Dit was mense soos dr. W.H.J. Punt ... en dr. H.M. Rex wat die deure oopgesluit het met hul kennis van die geskiedenis van die geboue en hul mense, en hierdie boek is ek dus eintlik aan hulle verskuldig. En veral aan dr. Rex wat ook die manuskrip nagegaan het."[14)]

Vir die beskeie dr. H.M. Rex moes dit 'n voldoening gewees het om hierdie allesins verdiende loftuitinge te lees.

(5) Pretoria van kerkplaas tot regeringsetel.[15)]

Daar bestaan 'n besonder noue verband tussen dr. Rex se reeds genoemde MA-verhandeling vir die verkryging van die MA-graad in Afrikaans-Nederlandse kultuurgeskiedenis en sy publikasie "Pretoria, van kerkplaas tot regeringsetel". Die outeur het verklaar: "Alvorens hierdie werk met verskillende verwysinge vir publikasie versorg is, is dit in 1956 as deel van 'n verhandeling ... ingelewer..."[16)]

Prof. S.P. Engelbrecht, kenner van die verlede van Pretoria en die ZAR, emeritus in 1956, kerkargivaris in 1957, oorlede op 20 Augustus 1977, het in sy voorwoord getuig dat daar in 1952 en 1955 twee belangrike boeke oor Pretoria verskyn het, maar dat die jongste geskrif van Rex glad nie oorbodig was nie. Nie alleen het die outeur alles tot in die fynste besonderhede ondersoek nie, maar terselfdertyd veel nuwe lig op baie dinge gewerp.[17)] Verder het ook prof. Engelbrecht die volgende aspek van die studie beklemtoon: "Ons waardeer al die piëteit waarmee hy die belangrike werk van die baanbrekers beskryf het."[18)]

Veel argivale navorsing is verrig om die publikasie as 'n deeglike werkstuk te kan bestempel. Aan die slot van sy studie het die outeur onder meer geskryf: "Pretoria is gestig in 'n tydperk van politieke verdeeldheid, maar die bestaan van Pretoria het die Trekkers langsamerhand opgevoed tot die eenheidsidee wat uiteindelik volkome geseëvier het."[19)]

In 1860 is 'n ideaal, die totstandkoming van Pretoria as regeringsetel, verwesenlik.

(6) Huwelik. Benoeming as personeellid van die argief en museum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Direkteur.

In Junie 1957 is Hermann Rex deur ds. W.J. Roos van die Nederduitsch Hervormde gemeente, Pretoria-Noord, met mev. Martie Smit, gebore Kemp, van Rustenburg, in die huwelik bevestig. Die bruid het uit haar vorige huwelik twee kinders gehad en haar tweede huwelik is met 'n dogter geseën.

Behalwe hierdie groot verandering in die lewe van Hermann het hy daar gekom waarvoor sy talente hom bestem het. Op 9 Desember 1964 het hy die betrek-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

king van argivaris in die argief en museum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te Pretoria aanvaar. In Maart 1965 het die destyds alom bekende en beminde dr. Johannes Gerhardus Marthinus Dreyer in "Die Hervormer" die lesers die lewenskets van Hermann Rex voorgelê en onder meer verklaar dat daar in die afgelope twintig jaar 'n groot aantal artikels van sy hand oor die Transvaalse verlede in koerante, tydskrifte, gedenk- en klasleesboeke die lig gesien het.[20) Dr. Dreyer het die aandag gevestig op die feit dat die nuwe argivaris voorlopig deur prof. dr. S.P. Engelbrecht, die direkteur van die Kerkargief en die S.P. Engelbrechtmuseum, bygestaan sou word. Soos bekend was prof. Engelbrecht onder andere 'n kenner by uitnemendheid van Africana. Voortaan sou Rex se historiese navorsing en studie 'n groot bate in sy nuwe werkkring beteken.

Hierdie verwagtings is ten volle bewaarheid. Oneindig veel werk moes verrig word om enorme hoeveelhede argiefmateriaal te sorteer en te orden. Mettertyd het die argivaris sõ vertroud met die materiaal geword dat hy sonder aarseling 'n dokument of 'n skrywe uit vervloë dae kon opspoor.

Prof. S.P. Engelbrecht het in 1967 die tuig neergelê. Rex het hom as direkteur opgevolg en gedurende sy dienstermyn deur sy speursin en bemiddeling talle waardevolle aanwinste vir die argief en museum verkry. Terselfdertyd het hy voortgegaan om sy aandag op talle historiese terreine toe te spits. Sy talryke historiese en kerkhistoriese artikels in "Die Hervormer" en ander kerklike publikasies, sy bydrae tot die gemeentegeskiedskrywing, onder meer met Zeerust se eeufeesviering, sy artikels in verskillende vaktydskrifte getuig van sy besondere ywer, aldus prof. dr. A.D. Pont.[21)]

Tot sy onverwagte afsterwe het dr. Rex met al hierdie genoemde werksaamhede voortgegaan. Hy was in bepaalde opsigte 'n waardige opvolger van sy leermeester prof. Engelbrecht. Verder het dr. Pont in die reeds genoemde huldeblyk die nadruk op die volgende aspekte gelê: "Vir dr. Rex was die geskiedenis te alle tye die lewende verlede en met 'n besondere nougesetheid en 'n groot voorliefde vir die besonderheid het hy hom met alles wat geskiedenis was, besig gehou. Dit was ook opmerklik op hoe 'n wyse hy diens gelewer het met sy kundigheid en navorsing. Daar was waarskynlik min mense wat so gesaghebbend die geskiedenis van Pretoria en sy tuisdorp Rustenburg en omgewing geken het as dr. Hermann."[22)]

(7) Dr. H.M. Rex, die Genootskap Oud-Pretoria en "Pretoriana".

Die inhoud en strekking van prof. A.D. Pont se woorde geld in die besonder Rex se veelomvattende werk vir die Genootskap Oud-Pretoria en "Pretoriana". Sowel die Genootskap as die tydskrif het oorvloedige vrugte van sy reeds geskets te belangstelling en kennis van die tans ontslapene gepluk. Hy het gedurende die volgende tydperke as redakteur van "Pretoriana" opgetree: April 1957 - Augustus 1960 (nrs. 23-33), April 1962 - April 1963 (nrs. 35-41) en April 1966 - Desember 1967 (nrs. 50-55). Tewens het hy die Desember 1975-uitgawe oor die Wes-fasade van Kerkplein (nr. 72) in sy volle omvang saamgestel en geredigeer.

Behalwe hierdie veeleisende werk het hy ook 'n belangrike rol in die bestuursaangeleenthede van die Genootskap gespeel. In dié verband het dr.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Dr. Hermann Moritz Rex en sy eggenote, Mevrou Marie Smit gebore Kemp.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

N.A. Coetzee in sy herdenkingsbydrae in "Pretoriana" nr. 82 in 1982 die aandag gevestig op die feit dat dr. Rex by tye met besluite gebots en getrou aan sy oortuigings teruggestaan het. Andersyds was hy, aldus die skrywer, te veel in hart en niere 'n Pretorianer en te veel die historikus van Pretoria om lank hom van die Genootskap te distansieer.[23] Hy was een van die spreekwoordelike Gideonsbende wat hom vir die behoud van die historiese karakter van die stad, van Kerkplein tot die Ou Begraafplaas, van die stadskern tot in sy verste uithoeke beywer het. Hy het dikwels as oorwinnaar uit die stryd getree.

Vir die mening van 'n ander het hy nooit teruggedeins nie. Vir hom was daar, aldus dr. Coetzee, geen kompromis nie. Tog kan daaraan toegevoeg word dat dieselfde dr. Rex as 'n volmaakte heer in die strydgewoel opgetree het.

Hy was met 'n groot, onuitblusbare liefde vir die behoud van die historiese skatte van die stad van sy inwoning besiel. Van dié liefde getuig sy talryke bydraes in "Pretoriana", almal sierade van liefde, toewyding en deeglikheid en afsonderlik sowel as gesamentlik uitermate waardevol.[24]

(8) Sy heengaan in 1981. Huldeblyke.

Dr. H.M. Rex het op 29 November 1981 die tydelike met die ewige verwissel en is op 2 Desember 1981 uit die Nederduitsch Hervormde kerkgebou in sy geliefde Rustenburg begrawe. Ds. C.L. van den Berg het die diens en ds. A.J. van Staden die teraardebestelling gelei. Ds. van den Berg het onder meer na die beskeie lewenswyse van Hermann Rex verwys en bygevoeg dat dit strydig met die lewenswyse sou wees om nou verheerlikend te prys. Die Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk, mnr. A. van B. Herbst, het die oorledene as 'n groot vaderlander met 'n onwrikbare geloof in sy Kerk en volk geskets en hom as 'n groot kultuurhistorikus beskryf.[25]

In die "Rustenburg Heraut" van 4 Desember 1981 het 'n kort berig oor dr. Rex se heengaan verskyn,waarin onder meer vermeld is dat hy die vorige Sondag kort na die erediens beswyk het. Tereg is die heengegane 'n ingeborene van Rustenburg genoem. In die uitgawe van 4 Desember 1981 het die redaksie van die "Brits Pos" onder die opskrif "groot en geliefde Afrikaner skielik oorlede" nadruk gelê op die "onberekenbare verlies" wat die "Afrikanernasie en veral die Hervormde Kerk" deur die heengaan van dr. Rex gely het. Melding is ook gemaak van die reeks oor die Ras-kanonne wat van sy hand in die "Brits Pos" verskyn het. Ook is die oorledene lof toegeswaai vir sy werksame aandeel ten opsigte van president W.C. van Rensburg (dit is Willem Cornelis Janse van Rensburg, 1818-1865) se plegtige begrafnis in die Pretoriase Helde-akker.

In "Die Hervormer" van Februarie 1982 is, soos reeds vermeld is, by die lewensloop, begrafnisdiens en betekenis van dr. Rex stilgestaan. Prof. dr. Adriaan D. Pont het onder die opskrif "Huldeblyk dr. H.M. Rex" in 1983 die heengaan van dr. Rex, as "'n groot Afrikaner, 'n nougesette historikus, 'n standvastige kerkman en 'n ywerige werker" in herinnering geroep.[26]

(9) Die Genootskap Oud-Pretoria

Die Genootskap Oud-Pretoria se destydse vise-voorsitter en redakteur van "Pretoriana", dr. N.A. Coetzee, het in "Pretoriana" nr. 82 van Julie 1982 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

besonder insiggewende bydrae oor dr. Rex gepubliseer en nadruk op sy verdienste vir die Genootskap en "Pretoriana" gelê.[27] Die bestuur en lede van die Genootskap het hom as een van hul vroeëre steunpilare nie vergeet nie. Lede van die Genootskap het op 20 Junie 1987 met 'n toerbus na Rustenburg gery om hulde aan die nagedagtenis van dr. Rex te bring en 'n gedenkplaat op sy grafsteen te onthul. Op die plaat staan die opskrif: "Met dank van die bestuur - Genootskap Oud-Pretoria 1985". Voorsitter dr. N.A. Coetzee was ongetwyfeld die tolk van al die aanwesiges toe hy namens die lede van die Genootskap mev. Martie Rex en haar kinders en ander aanwesige lede van die Rex-familie verwelkom het. Vervolgens het hy onder meer gesê: "Ons is dankbaar om hier op die graf van Hermann Rex 'n gedenkplaat te onthul in erkentlike herinnering aan die lewe en werk van een van sy voortreflikste ondersteuners".[28] Jarelank was hy bestuurslid van die Genootskap en verskeie kere redakteur van "Pretoriana". Hy het in 1972 die deurslag gegee vir die behoud van die westelike aansig van Kerkplein. Hy was by uitnemendheid die historikus van die Zuid-Afrikaansche Republiek se mense en prestasies, aldus dr. Coetzee.

Daarna het die spreker mevrou Rex en haar dogter gevra om die gedenkplaat op die graf simbolies met die lê van 'n krans te onthul.

"Die inspirasie wat Hermann se vader en moeder - 'n nooi Steenkamp - hom in sy lewe en werk gegee het, word hierdeur ook geëer." Ten besluite het dr. Coetzee gesê: "Ons bring hulde aan Hermann Rex se nagedagtenis."[29]

'n Keuse uit die geskrifte van wyle dr. Hermann Moritz Rex.

Die volgende lys is opgestel aan die hand van gegewens wat aan die "Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels 1977-1979" ontleen is of aanvullend deur die voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria dr. N.A. Coetzee, die redakteur van "Pretoriana", dr. C. de Jong en die direkteur van die Staatsbiblioteek te Pretoria aan die opsteller verstrek is. Ook word in hierdie verband dank aan die Transvaalse Onderwysdepartement en die Transvaalse Onderwysmuseum betuig. Die lys maak geensins aanspraak op volledigheid nie.

(A) In boekvorm.

"Pretoria van kerkplaas tot regeringsetel." Kaapstad, HAUM, 1960.

"Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust vanaf die predikantskap van ds. Daniel Lindley (1840-1844)", Pretoria 1971.

Volgens een van bogenoemde bronne het die skrywer ook 'n vername aandeel aan die totstandkoming van gemeentegeskiedenisse in boekvorm van die volgende gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, te wete Rustenburg, Pretoria en Bronkhorstspruit, gehad.

(B) Artikels.

(1) In "Pretoriana":

1952 jaargang 2 (2) - Enige mededelings in verband met die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1954 jaargang 3 (3) - Sytze Wierda: "Gouvernements Ingenieur en architect" en "Hoofd van Publieken Werken" van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1887-1900.

1955 jaargang 4 (3) - Vervaardiging, aanbrenging en verwydering van die oorspronklike republikeinse wapen en leuse op die voorgewel van Goewernementsgebou.

1955 nommer 18 - Albert Brodrick, winkelier en digter van ou Pretoria.

1956 nommer 19 - Die Rustenburgse Kruger-standbeeld.

1956 nommer 22 - Diverse gegewens in verband met die oprigting en opening van die Staatsmodelskool.

1956 nommer 22 - Pretoriuskloof, die eerste woonplaas van genl. Andries Pretorius en geboorteplaas van die stigter van Pretoria.

1957 nommer 23 - Klaas van Rijse Jr., staatsamptenaar en boukunstenaar van die ZAR.

1957 nommer 25 - Walter Battiss se sesjarige verblyf in Rustenburg 1923-1929.

1958 nommer 26-27 - Musiekaande by die familie Middelberg in die ZASM-huis, Pretoria.

1958 nommer 28 - Vestiging van Indiërs in Pretoria.

1959 nommer 30 - Petisie insake "de Botanische Tuin" (Burgerspark) aan die Uitvoerende Raad van die S.A. Republiek in 1889.

1960 nommer 32-33 - John Hunter McLea, Pretoria se eerste "Direkteur van Parke"

1960 nommer 32-33 - Stigting van Pretoria en die voorsiening van gewone en godsdiensonderwys tot 1 November 1859.

1960 nommer 34 - Historiese besienswaardighede in en rondom Pretoria, deel 1.

1961 nommer 36-37 - Dr. Jan Ploeger: 'n gewaardeerde medewerker.

1962 nommer 38 - Wierdabrug oor Sesmylspruit: 'n pleidooi vir die behoud van hierdie historiese brug.

1962 nommer 39-40 - Historiese besienswaardighede in en rondom Pretoria, deel 2.

1963 nommer 41 - Onthulling van bronsplaat op gedenkpoort op Grootplaas, die sterfplaas van kmdt.-genl. Andries Pretorius.

1963 nommer 41 - Historiese besienswaardighede in en rondom Pretoria, deel 3. Paleis van Justisie.

1963 nommer 42-43 - Herinneringe oor Eugène Marais in sy Bronkhorstspruitse tydperk 1922-1923.

1966 nommer 50-51 - President W.C. Janse van Rensburg.

1966 nommer 52 - Frederik Willem Beezhold Sr. en Jr.

1967 nommer 53 - Eerste poging tot koffieverbouing in die Pretoriase distrik.

1975 nommer 72 - Dramatiese hoogtepunt in 'n kwarteeu-lange stryd om die bewaring van ons kulturele erfenis (Kerkplein); Kroniek van die Wesfasade (pp.250).

1979, nommer 77-78 - Samespreking oor die Kerkstraat-Wes historiese begraafplaas, Pretoriaverslag.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1979 nommer 79 - Godsdienstige ervaring van kmdt. Paul Kruger in die Magaliesberg in die tweede helfte van die vyftigerjare van die vorige eeu.
1981 nommer 81 - Ligging van Fort Royal, 1880-1881.
1982 nommer 82 - President W.C. Janse van Rensburg.

(2) In "Historia":

1956 jaargang 1 (1) - Die Krugerhuis op Boekenhoutfontein nr. 336, distrik Rustenburg.
1959 jaargang 4 - J.F. Schutte, die bouer van Rustenburg se eerste woonhuis.

(3) In "Bulletin Stigting Simon van der Stel":

1961 nommer 2 - Ou Goewernementsgebou op Boksburg.

(4) In "Nieuws uit Zuid-Afrika":

1972 jaargang 11 nommer 9 - Neo-Renaissance boukuns in die ZAR en OVS.

(5) In "Restorica", uitgawe van die Stigting Simon van der Stel:

1979 nommer 6 - "Mea Vota", Rissikstraat 62, Pretoria, 'n Sunnyside se herehuis.
1980 nommer 8 - Sytze Wopkes Wierda.

Aantekeninge.

1) "Almanak en Bybelse dagboek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika" 1967 (Krugersdorp 1966), p.59-67.
2) M. Pelzer, N. Prinsloo, red., "Die Rustenburgse Eeufees Gedenkboek 1851-1951" (Johannesburg s.j.), p.50-51. Kyk ook p.92-94, H.M. Rex, Die pers in Rustenburg.
3) Persoonlike menings (in 1939) aan die skrywer. In dié jare was mnr. J.J. Nel skoolhoof en was bekende onderwysers soos mnre. Van der Ahee, B. Hamersma, O. Kahl en D. van Rooy reeds meerdere jare aan die hoërskool werksaam.
3a) Alma mater is Latyn vir milde voedstermoeder en 'n erenaam vir die universiteit waar iemand gestudeer het. (Opmerking van redakteur C. de Jong.)
4) "Pretoriana" nr. 82, Julie 1982, p.73-74, "Dr. Herman Rex 1918-1981".
5) Toentertyd twee afsonderlike departemente.
6) Registrateur (Akademies) Universiteit van Pretoria aan die skrywer 15 September 1987 (nr. 500 1315). Vermoedelik Afrikaanse kultuurgeskiedenis 1-3 en Nederlandse kultuurgeskiedenis A-C.
7) "Trek" jrg. 27, Oktober 1939 (Johannesburg) teenoor p.14 met foto.
8) "Die Hervormer", Maart 1965, ds. Joh. Dreyer, "Kort lewenskets van Dr. H.M. Rex" - "Britse Pos" 4 Desember 1981, "Groot en geliefde Afrikaner skielik oorlede".
9) Die skrywer het in 1941-1946 in 'n tydelike, plaasvervangende hoedanigheid in die departemente Geskiedenis en Nederlandse kultuurgeskiedenis gewerk.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

10) Rektor Onderwyskollege Pretoria aan skrywer 10 September 1987 (verw. 32/1) - Direkteur van Onderwys aan skrywer 1 Oktober 1987 (verw. TOP 1-2-12/R).

11) Kyk aantekening 6 bo. In die curriculum vitae van 1975 is vermeld dat Rex in 1956 die MA-graad in Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis met lof behaal het.

12) Ibid. Tydperk geregistreer 1957-1974. Voltooiingsdatum 13 Maart 1975. Graad ontvang 19 April 1975.

13) Ibid. Die graad D. Phil Hermann Moritz Rex. Dr. Rex het die predikaat A vir sy proefskrif verwerf. Sy finale persentasie was A-.

14) Kaapstad 1980, p.8. Daar is ook 'n groot aantal ander persone in die dankbetuigingsafdeling genoem.

15) Kaapstad-Pretoria 1960. Oplaag 1000 eksemplare.

16) Ibid. Agterkant van titelblad.

17) Ibid. p.11. Dië publikasies was "Eeufees-Album, Pretoria se eerste eeu in beeld", en "Pretoria 1855-1955".

18) Ibid., p.12.

19) Ibid., p.85.

20) "Die Hervormer", Maart 1965, p.6 met foto.

21) In "Almanak en Bybelse dagboek", jg. 78, 1984, p.47. Met verstrekking van meer gegewens insake die genoemde publikasies in verskillende vorme kon argivaris F.S. van Rensburg die skrywer nie help nie.

22) Ibid.

23) "Pretoriana" nr. 82, Julie 1982, p.72-73.

24) 'n Lys is aan hierdie bydrae toegevoeg.

25) "Die Hervormer", Februarie 1982, p.2, bydrae "Hermann Rex, 'n onbesproke heer en patriot".

26) "Almanak en Bybelse dagboek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika" jg. 78, 1984, p.47.

27) "Pretoriana" nr. 82, Julie 1982, p.72-73, "Dr. Herman Rex 1918-1981".

28) Onthulling van gedenkplaat op die graf van Hermann Rex (bron dr. N.A. Coetzee, getikte teks).

29) Ibid. Die skrywer van hierdie bydrae was bevoorreg om Dr. Rex oor 'n tydperk van 'n groot aantal jare te ken en waardeer as 'n deelgenoot in sekere aspekte, soos bewaring en die beoefening van die geskiedenis in die breedste betekenis van die woord. Veral ten opsigte van ons gemeenskaplike belangstelling in "Pretoriana" het ons skertsend na onsself as lede en vennote "van die ou firma" verwys. Dr. Rex was 'n betroubare en inspirerende metgesel en 'n ware heer op hierdie gemeenskaplike pad. Hy was groot in sy eenvoud.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA - WYNPROEFUNKSIE - TOESPRAAK VAN DIE ONDERBURGEMEESTER, RAADSLID BILL HEUNIS : 22 OKTOBER 1987 - 19H00, BOOMSTRAATMUSEUM

Geagte dr. Coetzee (voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria) en ander lede van die Genootskap, Raadslede, eregaste, dames en here.

Dit is vir my en my vrou 'n besondere voorreg om vanaand hier saam met die Genootskap Oud-Pretoria te kan verkeer. As gededikeerde Pretorianer is ek ook dankbaar, dat ons gemeenskaplike belange behartig namens hierdie besondere hoofstad Pretoria. Om die balans te behou tussen vooruitgang en die oue, is vir geen stad maklik nie. Soms word ook duur lesse geleer. Laat ons eerlik wees, soms word ook verkeerde besluit geneem.

Geagte voorsitter, daarom is dit so belangrik dat daar soos vanaand geleenthede geskep word waar daar informele gesprek gevoer kan word. Die hele konsep van kenmekaar is dus baie nodig, sodat ons met helderheid ons kultuurskatte vir die nageslag kan bewaar. Die besondere geskiedenis van ons stad is 'n plus-punt. Dit insigself behoort ons mense tot groter trots en burgerbetrokkenheid te beweeg.

Iets wat 'n baie groot leemte in ons land is. Daar is baie redes hiervoor, maar dit is tog opvallend dat daar miskien nie genoeg geleenthede geskep word om burgertrots en burgerbetrokkenheid te bewerkstellig nie. 'n Voorbeeld is ons landsvlag en ek kan verder gaan en vra "waar is ons stadsvlag". Is ons vlag ons trots - is dit sigbaar? Spog ons met ons stad se mense - met die stad self? Bemarking is vandag op almal se lippe - bemark die inwoner sy stad? Het hy die nodige skietgoed om dit te doen? Of word hierdie taak oorgelaat aan die Stadsraad en 'n paar mense wat met groot moeite volgens hul oortuigings optree en volhard?

Organisasies soos die Genootskap Oud-Pretoria het dus namens die inwoners 'n baie belangrike opdrag en die Stadsraad het groot waardering vir hul meelewing, maar, voorsitter, die Stadsraad het ook 'n verdere opdrag en dit is om vooruitgang te bewerkstellig, 'n stad moet ekonomies weerbaar wees, hy moet ook aantreklikhede skep wat die jeug sal behou.

Volgens my beskeie mening handhaaf die Stadsraad in sy beplanning 'n billike balans tussen die oue en die nuwe. Soms moet daar ingeboet word. Dit is nie alombekend nie, maar Pretoria is van die vinnigste groeiende stede in die Republiek, dit is ook die derde grootste munisipaliteit in die wêreld.

Dit word my ook meegedeel dat die Republiek van Suid-Afrika vandag 28 miljoen inwoners het, waarvan ongeveer 6 miljoen blankes is, teen die jaar 2000 (en dit is ongeveer 12 jaar vorentoe) sal die bevolking 47 miljoen wees. Hierdie syfer dui alreeds aan die groot uitdagings wat wag. Daar word verder gesê dat 'n groot persentasie gaan verstedelik. Sal ons die nodige behuising, water en infra-struktuur beskikbaar hê in stedelike verband? Sal die Genootskap in staat wees om te veg vir restourasie, bewaring en behoud of sal ander norme oorweeg word?

Mr Chairman, I believe the Old Pretoria Society is a very much needed organisation to guide and recommend to the public their findings and recom-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services


mendations. Not based on EMOTIONS but on FACT. Also bearing in mind that all battles fought cannot always be won. We see this Society playing an important role to maintain the quality of life for its citizens in Pretoria.

I am also indebted to K.W.V.[x)] from Paarl who are sponsoring the evening. In a lighter vein, I may say they know who appreciates their quality wines best. Since the return of the Currie Cup to its rightful place - the K.W.V. wines taste even better.

Ek dink, voorsitter, die stad se leuse is vanaand baie van pas by hierdie geleentheid, naamlik: "Mag ons uitblink in voortreflikheid". Mag u Genootskap groot vreugde vind in wat u hand vind om te doen. Mag ons almal besef dat dit 'n voorreg is om deel te wees van die hoofstad van die Republiek, die Jakarandastad, die Lowerstad - ons trots. Mag die verlede ons ook aanspreek - mag ons nooit ons plig versuim om te bewaar nie - mag ons besluite in ons tyd deel word van ons roemryke - Pretoria - die stad met 'n toekoms.


x) Koöperatiewe Wynbouers-Vereniging.

— o —



John Garlick, the founder of the Garlicks Group of Department Stores.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services




GARLICKS, PRETORIA'S LEADING DEPARTMENT STORE.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# GARLICKS-PRETORIA 100 YEARS

by Suzette Jacobs

Founded on 3 May 1887 Garlicks-Pretoria celebrated its centenary last year.

The founder of the Garlick organisation, Mr John Garlick, was born in Algakirk in the county of Lincolnshire, England, in 1852. At the age of 20 he came to South Africa and after a few years, which were spent in gaining experience of local conditions, he opened his first shop in Cape Town in 1875.

Mr Garlick was a pioneer in gaining first-hand knowledge of the country and its needs, travelling from town to town by Cape cart and at times by oxwagon, always pressing on to the North. Once his business was firmly established in Cape Town, he opened branches in Johannesburg, Kimberley, Port Elizabeth, Durban, Bulawayo and Salisbury. During this period of development he became associated with a business in Pretoria, then known under the name of Hobbs & Millar - subsequently known as "Millars", and now "Garlicks".

Mr Garlick's primary interest was the development of the drapery business. In addition he was interested in the development of office efficiency. Apart from that he was always seeking new methods of doing things which would be of use in furthering the interest of the country, and he was usually amongst the first to import new merchandise such as had never previously been brought into the country. Among other things he imported the first safety bicycle and the first motor tractor to this country. He also imported the first motorcar for sale, as the result of which one of the Cape's first motorcar businesses was established. He was a great horticulturist and had a keen interest in agriculture and farming conditions. He also had the nation's interest at heart - at one time being a member of Parliament in the old Cape government. He was mayor and for many years a city councillor in the Cape Town council, and will be remembered for his philanthropic work and generous contributions towards health and welfare organisations.

In the year 1911 his business which was until then known as "John Garlick" was converted into a private company and registered under the name of "Garlick Limited". Upon the death of Mr John Garlick in 1931, his son, Mr R.C. Garlick, was appointed chairman and managing director of the company.

Mr William Millar, who founded the business of Millars, Pretoria, arrived in South Africa from his native Scotland in 1879. After spending 18 months in Cape Town, the Native Rebellion broke out and he joined up with the forces. When the rebellion was settled he returned to Scotland, but South Africa had claimed his love and he came back in 1881 and joined the firm of John Garlick in Cape Town.

In 1882 he was in Barkly East when the rush started for the gold in Barberton. This attracted him so much that he left Kimberley for Barberton in a donkey wagon. On the way there, however, a stop was made in Pretoria and he decided to stay there because he thought it would be a good place to start a business in. Mr Garlick, coming up a few months later, agreed with him, and

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

in 1887, the year of Queen Victoria's Jubilee, Mr Millar commenced a business in Pretoria with a partner named Hobbs. The firm of Hobbs and Millar occupied a site in Church Street East, close to the present building, and they also had a branch in Church Street West.

In those far-off days there were no trains, motor vehicles or aeroplanes to bring the latest fashions to Pretoria - only the slow, lumbering ox-wagon which had to carry all the stocks from the coast. But life was pleasant and business progressed somehow. At "Nachtmaal" time the farmers and their families trekked into town by wagon. Church Square was then covered with grass and there was a long white building - the church - around which the wagons outspanned. Weddings and christenings were great occasions and many were the brides who were dressed in the showroom of Garlicks.

In 1921 Mr Millar retired after an active business career of 35 years. On his retirement the business was taken over by Mr A.E. Reich; the trading link which Mr John Garlick established with Mr Millar in the late 1880's continued with Mr Reich on a partnership basis. Eventually in 1932 the name of the firm was changed from Millars to Garlicks, and Mr Reich carried on the successful management of the business until his retirement in 1953.

On the occasion of the Diamond Jubilee of the firm in 1947, Mr Reich paid a tribute to the public who made it possible for the store to carry on business throughout the heartbreaking period of the Second World War. They bore with the firm in the rationing of goods which were in short supply and made do with merchandise that was available. The matter of staff was no easy problem during this period and 12 of the staff of 20 men as well as many of the girls joined up with the armed forces. One of these girls was chosen as a representative of the South African Nursing Services to take part in the victory parade in London.

1947 was also the year of the royal visit to the Union of South Africa. It has been said that Pretoria topped every town for beautiful, lavish decorations during the visit of the Royal Family to the capital. Some fine work was indeed done by display men and municipal employees alike. Due to excellent displays by the window dressers of Garlicks, their building attracted much attention, and it was no wonder that the first prize in the Royal Visit Window Competition was won by Garlicks.

In 1948 Garlicks became a public company, and today is recognised as the country's leading family department store group; this distinction is due in no small measure to the contribution made by its Pretoria stores.

In 1962 Garlicks-Pretoria moved to the present-day building and in 1975 a branch was opened in the Sunnypark Centre.

We salute Garlicks on their 100th birthday - a century of service to a community is no mean feat - and we wish them every success for the next century.

(Material for the article was obtained from Garlick's archives.)

1987-07-29

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# 1888-1988 - 100 JAAR NEDERLANDS KONSULAAT-GENERAAL IN TRANSVAAL

deur C. de Jong

In 1982 is aandag gewy aan die aanstelling van die eerste Nederlandse konsul te Kaapstad in 1857, 125 jaar tevore.[1] In die 19de eeu het die Nederlandse handel met en emigrasie na Brits Suid-Afrika, hoewel beskeie, geleidelik toegeneem en dit het 'n konsulaat in die Moederstad wenslik gemaak. Die instelling hiervan het nogal lank uitgebly omdat Nederland voorheen geen buitelandse konsuls in sy kolonies toegelaat het nie. Dit moet beskou word as oorblyfsel van die "pacte colonial" tydens die laat-Merkantilisme in Nederland in die 19de eeu.[2] Ter wille van diplomatieke wederkerigheid het Brittanje geen Nederlandse konsuls in sy kolonies, waaronder die Kaapkolonie, toegelaat nie.

Na 1850 is die laat-Merkantilisme met sy beskermende beleid geleidelik deur 'n liberale ekonomiese beleid vervang. Brittanje het daarby die voortou geneem en Nederland het spoedig gevolg. In die jare '50 het Nederland sy kolonies vir buitelandse konsuls oopgestel en wederkerig toestemming ontvang om in talle lande, waaronder die Britse ryk, konsulate te open. Op 25 Maart 1857 het koning Willem III Olof John Truter, koopman te Kaapstad, tot erekonsul, d.w.s. sonder salaris, aangestel en op 28 Julie het Truter die Exequatur van koningin Victoria gekry, d.w.s. sy aanstelling is goedgekeur. Sy titel was konsul-generaal.[3]

Die konsulaat-generaal het in Julie 1957, 100 jaar later, die voormalige kostershuis van die Lutherse kerk langsaan in die Strandstraat betrek. Die kerk is in 1787 gebou. In die gebou is daarna met geldelike steun van die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam 'n pragtige venster met die wapenskilde van al die Nederlandse goewerneurs van die Kaapkolonie in kleure aangebring.[1]

Die amp van erekonsul was onbesoldig, maar tog baie gewild weens die aansien wat dit verskaf het en gewoonlik gedemonstreer is met 'n pragtige uniform met goudgalon, 'n steek en 'n eresabel, en weens die relasies met hoogwaardigheidsbekleërs en die sakewêreld wat die amp verskaf het. Gewoonlik het die erekonsul ook 'n ridderordemedalje ontvang. Hy was meestal 'n vooraanstaande sakeman.

## Gegadigdes vir 'n Nederlandse konsulaat in Pretoria

Die geskrifte van G.G. Ohrig, U.G. Lauts en Jacob Stuart in Nederland het daar die aandag op die Groot Trek en die Boererepublieke gevestig. Reeds in 1852 het Jacob Meihuizen, handelaar in koloniale ware te Amsterdam, koning Willem III gevra om aanstelling as saakgelastigde óf as konsul van Nederland in die Zuid-Afrikaansche Republiek Transvaal (ZAR). Die Nederlandse regering het van die aanstelling van so 'n ampsdraer afgesien om die volgende redes: (1) Transvaal is staatkundig te wanordelik en ekonomies te onontwikkeld gevind; (2) hoewel die Britse regering die ZAR by die verdrag van Zandrivier in 1852 as selfstandige staat erken het, het hy voorlopig die ZAR tot sy invloedsfeer gereken en die Nederlandse regering meegedeel dat hy die genoemde aanstelling onwenslik vind; (3) Meihuizen is vir so 'n aanstelling ongeskik geag.[4]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In Februarie 1865 het B.G.A.D. Arnoldi, afkomstig van Monnikendam en arts te Pretoria, die Nederlandse regering om benoeming tot konsul in die ZAR gevra, maar die Nederlandse konsul in Kaapstad het die benoeming afgeraai, moontlik omdat hy Transvaal te onbelangrik gevind het. In 1876 het die Tweede Kamer (Volksraad) 'n begrotingspos vir 'n Nederlandse konsul in die twee Boererepublieke goedgekeur, maar van so 'n benoeming het niks gekom nie.[5]

Die Transvaalse sege in die Eerste Anglo-Boere-oorlog 1880/81 het die belangstelling in Nederland vir die ZAR en Suid-Afrika aangewakker. In 1881 is dan ook die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) gestig om die betrekkinge tussen die Boererepublieke en Nederland te bevorder. Die regering van die ZAR het in 1882 die NZAV gevra om by die Nederlandse regering vir aanstelling van 'n konsul in die ZAR te pleit. Die NZAV het die versoek aan die Ministerie van Buitenlandse Zaken voorgelê en dié het blykbaar sollisitante opgeroep. Onder hulle was voëls van baie verskillende vere, by name De Vogel en Juta in Transvaal, 'n gepensioneerde kaptein van die infanterie J.G. Valter in Kaapstad en L.D. Borel, oesterkweker en vroeër by die Transvaalse polisie, asook 'n gepensioeneerde sersant van die Koninklijke Nederlandsch-Indische Leger in Nederland. Die Ministerie het die toestande in die ZAR nog nie geskik geag om 'n konsul daar aan te stel nie.[6]

Dié toestande het in 1886 ingrypend verander weens die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand. Plotseling het die agtergeblewe Transvaal 'n belangrike gouduitvoerder en handelsland geword. Toe kon die Nederlandse regering die benoeming van 'n konsul in die ZAR nie langer uitstel nie. Die sollisitante was toe van 'n beter gehalte as in 1882. Hulle was Dr. W.J. Fockens, oud-burgemeester van die dorp De Leek, wat in Zuid-Afrika gevestig was,[7] vermoedelik Dr. E.J.P. Jorissen, oud-Staatsprokureur van die ZAR, en H.C. Bergsma. Laasgenoemde het die beste kwalifikasies en meeste ervaring besit en is derhalwe tot konsul-generaal van Nederland benoem.

Lewenskets van H.C. Bergsma

Hendrik Christiaan Bergsma is gebore in die dorp Bunnik by Utrecht op 23 Julie 1829 as seun van Theodoor Paul Bergsma, beroep my onbekend, en Christina Johanna Casius.[8] Hy het 'n goeie skoolopleiding ontvang en my onbekende vakke in Amsterdam en Delft (setel van die latere universiteit vir tegniese wetenskappe) gestudeer, maar sy studies nie voltooi nie. Hy vestig hom as koopman in Utrecht en trou daar met Carolina Wilhelmina Walraven, gebore te Djokja op Midde-Java in 1832. Sy en/of haar familie in Oos-Indië is die oorsprong van die bande tussen die gesin Bergsma en dié kolonie.

Sy biograaf in "De Volksstem" skryf dat sy lewe rustig verloop het totdat hy gehoor gegee het aan sy sluimerende sin vir avontuur. Die aanleiding was sy briefwisseling met prokureur Vels[9] te Fauresmith, later Staatsprokureur van die Oranje-Vrystaat te Bloemfontein. Bergsma het besluit om met sy gesin na Suid-Afrika te emigreer en sy eggenote was weens haar geboorte in 'n kolonie eweneens die regte tipe emigrant. Hul besluit was 'n groot waagstuk, want veral die Boererepublieke was nog baie onontwikkeld, selfs agterlik, en teleurstellings kon nie uitbly nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hy, sy vrou in blye afwagting en sy drie kinders het hulle te Rotterdam in 1861 ingeskeep op die 'Zaanstroom', onder kaptein Schaap, na Kaapstad. Hulle het na 'n taamlik voorspoedige reis van 26 dae op 2 September 1861 in die Moederstad aangekom. Op see is hul dogter Christina Johanna Oceana gebore; sy dank haar derde doopnaam aaan haar geboorte op die Atlantiese Oseaan. Hulle het per ossewa in 47 dae van Kaapstad na Fauresmith getrek. Dié dorp en die Vrystaat het Bergsma nie beval nie en hy het besluit om na Kaapstad terug te keer. 'n Reisgenoot aan boord het hom in Potchefstroom gevestig en hom uitgenooi om na dié dorp te kom. Hy het daartoe besluit; daarvandaan kon hy na Natal reis en na Nederland terugkeer. Die aankoms in Potchefstroom, destyds hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het hom vermoedelik nog erger ontstel. In Transvaal was naamlik 'n burgeroorlog aan die gang. Terwyl die gesin Bergsma die dorp binnegetrek het, beskiet kommandant-generaal Paul Kruger se kommando die dorp van die ander kant! Gelukkig het rus en kalmte spoedig na Transvaal teruggekeer. Potchefstroom het Bergsma goed beval. Hy was daar twee jaar in diens van die handelaars Miller & Co. Daarna rig hy saam met die gebore Duitser Friedrich Heinrich Jeppe (Rostock 1834 - Pretoria 1898) wat ook handelsbediende in Potchefstroom was, en wat op 26 Desember 1866 tot posmeester van die dorp benoem is,[10] op 8 Mei 1866 die tweetalige weekblad "Transvaal Argus" op. Jeppe het as redakteur van die Engelstalige deel opgetree, Bergsma het die Nederlandstalige deel geredigeer. Drukker was P. Borrius. Die koerant was die eerste private koerant in die ZAR. Dr. Rutherford het in 1871 'n koerant gestig, dit is die "Transvaal Advocate" genoem en het pro-Brits, dus anti-republikeins geword. Dit is begryplik dat Staatspresident T.F. Burgers toe 'n pro-republikeinse koerant wou stig. Die kapitaaldaarvoor is in 1873 byeengebring deur Staatsekretaris N.J. Swart, Staatsprokureur J. Buchanan, posmeester-generaal F.H. Jeppe en posmeester H.C. Bergsma. Die nuwe koerant is "De Volksstem" genoem en die eerste uitgawe het op 9 Augustus 1873 in Pretoria verskyn.

Bergsma word in 1865 sekretaris van die Volksraad van die ZAR wat in dié jare afwisselend in Potchefstroom en die meer sentraal geleë Pretoria vergader het, wanneer dié liggaam in eersgenoemde dorp - die hoofstad - byeen was. Die regerings van die Boererepublieke het graag Nederlanders vir klerkewerk gebruik, so ook Bergsma. Hy is in 1867 as plaaslike Landdrosklerk en publieke aanklaer aangestel. Landdros was toe Dr. W.J. Otto tot 1870, daarna Andries Goets. Ampsdraers in die republieke is destyds in geheel uiteenlopende funksies benoem en Bergsma is dan ook aangestel as posmeester van sy dorp. Een van sy voorgangers was F.H. Jeppe.


In 1872 het die kort tevore verkose Staatspresident Thomas François Burgers Bergsma tot Ouditeur-generaal, belas met die toesig op en kontrole van die staatsinkomste en -uitgawes, benoem, en in 1873 tot Weesheer, belas met die beheer van die Weeskamer. Die Weesheer wat sy voorganger was, het gevlug en die finansies van die Weeskamer in wanorde agtergelaat. Bergsma en sy gesin het na Pretoria verhuis. Hy het toegetree tot die kring van Burgers' Hollanders, merendeels bekwame en almal toegewyde hoofamptenare en medestanders van die President. Verskeie van hulle was vrymesselaars net soos Burgers. 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



President Burgers with a group of officials in 1876. Front row: N. J. R. Swart, Secretary of State; President T. F. Burgers; Dr. E. J. P. Jorissen, State Attorney; J. J. Meintjies, Registrar of Deeds. Back row: W. J. van Gorkom, Superintendent of Education; H. C. Bergsma, Orphans Guardian; H. van Breda; H. Stiemens; R. Baron de Selys de Franson, Belgian Consul; Theod. Tromp, private secretary to President Burgers; W. Skinner, Landdrost.

From: „*Centerary Album, Pretoria's fir century in illustrations*", Pretoria1952, p. 25



Hendrik Christiaan Bergsma, 1829–1899, eerste konsul-generaal van Nederland in Transvaal 1888–1895

Uit: „*Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria*", Pretoria 1923, p. 8

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Foto toon Burgers, omring deur sy tien hoofamptenare, van wie sewe gebore Nederlanders, onder andere Bergsma.[11] Hy het by geleentheid ook as veilingmeester gedien, onder meer by die groot veiling van plase van wyle Magnus Forssman, landmeter-generaal, kort na dié se oorlyde in 1874.[12]

Op 12 April 1877 het die Britse regering Transvaal geannekseer en die ZAR het verdwyn. Die meeste van Burgers' Hollanders, onder wie Bergsma, het onder Britse bewind nog 'n tyd lank in hul amp gebly. Hulle het dit in die klein samelewing moeilik gevind om 'n private betrekking te beklee en was ongetwyfeld teleurgestel deur die Transvalers se opposisie teen die verligte, vooruitstrewende Burgers, hul tweedrag en hul slap verset teen die handvol Britte wat hul land vrymoedig geannekseer het. Na 'n paar jaar het vrywel alle Burgers' Hollanders ontslag geneem of gekry en tot die opposisie onder leiding van S.J.P. Kruger toegetree of Transvaal verlaat.[13]

In die Anneksasietyd onder Britse bestuur het Bergsma enkele male ook as waarnemende magistraat opgetree, eenmaal twee maande lank, weens ongesteldheid van die toenmalige magistraat. Bergsma het hom vervang tydens die besoek van die Britse Hoë Kommissaris Sir Bartle Frere uit Kaapstad aan Transvaal in April 1879. Hy moes Frere in amptelike hoedanigheid verwelkom. Hy het weens druk werksaamhede op 1 Mei 1878 bedank as Ouditeur-generaal. Hy het as waarnemende Weesheer aangebly tot Augustus 1880. Toe het hy ontslag geneem, hoofsaaklik weens ongesteldheid van sy moeder in Nederland, en met sy eggenote en vyf kinders na Nederland teruggekeer.

Hy en sy vrou het sewe jaar rustig in Utrecht gewoon. Hul huis daar het Salatiga geheet, genoem na 'n bekende bergdorp op Midde-Java. In hierdie jare het Bergsma 'n reis na Oos-Indië onderneem, vermoedelik saam met sy vrou. Sy het waarskynlik die naam Salatiga en dié reis na haar geboorteland voorgestel.

Hy is ingevolge Koninklijk Besluit No. 7 van 16 Maart 1888 benoem tot konsul-generaal van Nederland vir die ZAR te Pretoria. Sy biograaf in "De Volksstem" van 20 April 1895 berig oor sy ampsvervulling: "Hij kwam opnieuw te Pretoria wonen, waar zijn talrijke oude vrienden zijn terugkomst met vreugde begroetten en hij nog meer nieuwe vrienden maakte. Bergsma's gastvrijheid was spreekwoordelijk onder Hollanders en Afrikaners en gedurende zijn lang verblijf in onze Republiek onder verscheidene hoogst verantwoordelijke betrekkingen heeft nooit iemand zijn rechtschapenheid in twijfel getrokken en blonk hij onder zijn medeburgers uit door plichtsbesef en afkeer van twijfelachtige handelingen in bezigheid of in het private leven. Ook Mevrouw Bergsma was oprecht gewaardeerd ..." Ook sy het 'n gewaardeerde plek in die gemeenskapslewe in die klein hoofstad van die ZAR ingeneem. Sy is 60 jaar oud op 8 November 1892 daar oorlede en begrawe. Hy het in 1895 afgetree en is opgevolg deur F.J. Domela Nieuwenhuis, in sy hart uitgesproke pro-Boer wat sy amp in die moeilike oorlogstyd 1899-1902 onder Britse besetting nougeset waargeneem het.

In 1886 is Johannesburg gestig. Weens die vinnige opkoms en uitbreiding van hierdie sentrum van die goudvelde aan die Witwatersrand het die Nederlandse regering daar in April 1889 'n visekonsulaat gevestig. Die eerste visekonsul was H. de With, gebore te Groningen op 10 November 1842 en reeds op 1 Oktober 1889 te Pretoria oorlede. Johannesburg het uitgegroei tot die ekono-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

miese, finansiële en kommunikasiehoofstad van Suid-Afrika. Daarom het die Nederlandse regering in 1936 sy visekonsulaat verhef tot vol konsulaat. J.M. Donker het toe dié pos beklee. Die volgende stap was die verheffing van die konsulaat tot konsulaat-generaal in 1952. In Pretoria, die bestuurshoofstad, is toe die konsulaat-generaal vervang deur 'n amptenaar wat in die Nederlandse ambassade gevestig is.

Na sy aftrede as konsul-generaal het Bergsma hom by Montreux in Switserland gevestig, in die Hôtel de Hollande, waar hy vermoedelik afgetrede landgenote aangetref het, in die wyk La Marsche van die Commune des Planches. Daar is hy op 15 Junie 1899 70 jaar oud oorlede.[14)]

Hy het ses kinders gehad. Hul name is die volgende:

Theodoor Carel, in 1894 te Pretoria gevestig.

Catharina Maria Anna, in 1894 eggenote van Frits Casper Stiemens, seun van Hendrik Stiemens, die eerste goewermentsonderwyser in Transvaal, en in 1913 aangedui as "civil servant" en inwoner van Pretoria.

Jelle Roelofs, in 1894 wonend te Malang op Java in Nederlands Oos-Indië.

Christina Johanna Oceana, gebore onder seil van Rotterdam na Kaapstad op die Atlantiese Oseaan in 1861 en daarom Oceana genoem, in 1894 eggenote van Hendrik Elink Schuurman en wonend te Malang op Java.

Willem Bernardus, in 1894 wonend te Blitar op Oos-Java.

Jacoba Clara, in 1894 onmondig en ongetroud en in geval van oorlyde van haar vader tydens haar minderjarigheid onder voogdy van haar swaer Frits C. Stiemens wat ook as testamentair executeur of vereffenaar van Bergsma se boedel in 1899 opgetree het.[15)]

Van sy ses kinders het drie hulle op Java gevestig en daar 'n bestaan gevind. Drie kinders het in Pretoria gebly en nageslag in Suid-Afrika agtergelaat.

Die nageslag mag Hendrik Christiaan Bergsma onthou as 'n pligsgetroue dienaar van die ZAR en Nederland.

Verwysings

1) Kyk "de Nederlandse Post", Kaapstad-Johannesburg, Julie 1982, p.31.

2) Die Merkantilisme (mercantile system) was die ekonomiese beleid van die regerings in talle Europese lande in die 17de en 18de eeu om met owerheidsmaatreëls, onder meer beskermende regte, die landsekonomie te ontwikkel en meersydig en sterk te maak. Die "pacte colonial", soos die Franse dit genoem het, was die Merkantilistiese beleid om die Europese kolonies diensbaar aan die belange van die moederland te maak. Die nawerking van die beleid het tot ver in die 19de eeu geduur.

3) By die 100-jarige bestaan van die Nederlandse konsulaat-generaal in Kaapstad in 1957 het by uitgewer A.A. Balkema te Kaapstad in dié jaar die brosjure "Het Consulaat-generaal der Nederlanden 1857-1957" met bydraes van verskillende skrywers, 28 pp., verskyn.

4) P.J. van Winter, "Onder Krugers Hollanders", deel 2, J.H. de Bussy, Amsterdam 1938, p.14 noot 1 - J. Ploeger, Nederlandse konsulêre verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse Republiek 1852-53, in "Historiese Studies", jaar-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gang een, Pretoria, Julie 1939 - Mei 1940, p.22-23.

5) Van Winter t.a.p. noot 4 bo, p.14 noot 1. Arnoldi word as "Surgeon and Accoucheur (man midwife, vroedmeester)" van die Medical Department onder die Britse bewind 1877-81 vermeld in Fred. Jeppe, "Transvaal Book Almanac Directory for 1877", Pretoria 1877, p.52.

6) "De Hollandsche Afrikaan", 2 Mei en 6 Junie 1883 - Van Winter t.a.p. noot 4 bo, p.14 noot 1.

7) Van Winter t.a.p. noot 4 bo, p.14 noot 1, vermeld dat Fockens in 1889 na Suid-Afrika gegaan het.

8) Boedel van H.C. Bergsma, Buiteland, Sterftekennis 17 295, Transvaalse Argiefbewaarplek, Staatsargief Pretoria.

9) "De Volksstem", Pretoria, 20 April 1895, opskrif "De heer Bergsma". Die ondervraer van Bergsma is nie vermeld nie. Die aanleiding tot die vraaggesprek en sy kort biografie was sy aftrede as konsul-generaal in 1895, 66 jaar oud. Hierdie artikel is my belangrikste bron vir Bergsma se lewenskets. 'n Ander bron is "De Wereldburger", no. 51, 22 Maart 1888, artikel na aanleiding van Bergsma se benoeming in Pretoria.

Cornelis Johannes Vels was eers 8 jaar kandidaatnotaris te IJselstein by Utrecht in Nederland. Hy het hom in 1855 in die Oranje-Vrystaat gevestig en was prokureur op Fauresmith. Hy is in 1883 tot Staatsprokureur van die Vrystaat benoem. Sy seun Henry Bernardus Isaac Vels is op 2 Februarie 1858 op Fauresmith gebore en was in 1877-79 studiegenoot van die jong Marthinus Theunis Steyn, later Staatspresident van die Vrystaat. Hulle het in die twee jaar privaatonderwys in Deventer ontvang om hulle op die studie in die regsgeleerdheid in Brittanje voor te berei.

10) Artikel oor F.H. Jeppe in "Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek", deel 2, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Tafelberg, Pretoria en Kaapstad, 1972; hierin ook besonderhede oor die "Transvaal Argus".

11) Foto onder meer in "Centenary Album, Pretoria's first century in illustration", City Council of Pretoria, 1955, p.25.

12) Alric Forssman, "Magnus Johan Frederik Forssman 1820-1874", Pretoria 1962, p.12; die veiling is gehou op 21 Desember 1874 te Pretoria.

13) Ten minste twee van Burgers' Hollanders, W.E. Bok en E.J.P. Jorissen, het 'n groot aandeel in die Transvaalse aksie teen die Britse anneksasie in 1877 geneem en hulle daarna by Krugers' Hollanders geskaar.

14) Ooreenkomstig Extrait du registre des décès, Montreux, 17 Julie 1899, gevoeg by Sterftekennis 17 295, Transvaalse Argiefbewaarplek Pretoria.

15) Testament van H.C. Bergsma, gevoeg by Sterftekennis 17 295, t.a.p. noot 14 bo.

F.C. Stiemens word vermeld as een van die 4 District Justices of the Police te Pretoria in "Longland's Pretoria Directory for 1899", Johannesburg 1899, faksimileeherdruk deur Staatsbiblioteek te Pretoria 1979, p.225.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Borsbeeld van W.E. Bok, in 1986 te Pietersburg geplaas toe die dorp 100 jaar oud was.
Foto C. de Jong.

Die opskrif lui:

Willem Eduard Bok 1846-1904
Staatsekretaris van – State secretary of Transvaal 1880-1889
Bokstraat na hom vernoem
Bok Street named after him
geskenk deur – presented by
Jannie en Virginia van Waveren
beeldhouer - sculptor
Jo Roos 1986.



Staatspresident S.J.P. Kruger in karakteristieke verskyning met pluiskeil, manel en kromsteelpyp op die stasie van Boksburg. Burgers verwelkom hom met 'n Vierkleurvlag. Agter hulle staan die Randtram. Hierdie foto is nie by die amptelike opening van die Randtramlyn op 17 Maart 1890 gemaak nie, want toe was Kruger afwesig; hy is toe verteenwoordig deur die Staatsekretaris W.J. Leyds.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# WILLEM EDUARD BOK, DIE NAAMGEWER VAN BOKSBURG

deur C. de Jong

Boksburg lê ongeveer 22 km ten ooste van Johannesburg. Onder die talryke herdenkingsdatums in 1980-89, 'n eeu na die ontdekking van goud in Oos- en Suid-Transvaal en die daaropvolgende opbloei van Suid-Afrika, is die stigting van Boksburg. Dit is een van die dorpe wat as gevolg van die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand ontstaan het. In 1886 is Johannesburg en Germiston (destydse Elandsfontein geheet) gestig, in 1887 Krugersdorp en Boksburg, in 1888 Benoni.

Boksburg is genoem na Willem Eduard Bok, Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1880-89. Hierdie regeringsfunksie het die ampte van eerste minister en minister van binne- en buitelandse sake van die ZAR omvat. Bok was een van president Burgers en daarna een van president Kruger se Hollanders, net soos sy vriend E.J.P. Jorissen, Staatsprokureur van die ZAR.

Willem Eduard Bok, 1846-1904, is gebore op die Nederlandse eiland Texel as jongste kind van notaris Willem Bok. Hy het onderwys in Amsterdam ontvang, Frans, Duits en Engels geleer en 18 jaar oud die Saint John's Collegiate School in Londen 'n jaar lank besoek om beter Engels te leer. Hy het in die graanhandel te Amsterdam gegaan, eers as werknemer, daarna as selfstandige.

Vermoedelik het die bloed van sy voorouers, die treklustige Friese, onder wie sy grootvader kaptein-luitenant ter see Hidde Bok, hom beweeg om in te gaan op 'n aanbod van president T.F. Burgers. Dié president het by sy besoek aan Nederland in 1875 'n groep Nederlanders oorgehaal om hom by te staan by die ontwikkeling van die agtergeblewe Transvaal. Bok het in 1876 30 jaar oud in Pretoria aangekom en het gedien as sekretaris van enige Volksraadskommissies. Die ZAR het naamlik groot behoefte aan geletterde bekwame penvoerders gehad. Hy het as sekretaris van Burgers dié se val as president en die anneksasie van die ZAR deur die Britse Hoë Kommissaris Theophilus Shepstone op 12 April 1877 meegemaak.

Verskeie van Burgers se Hollanders was destyds diep teleurgesteld oor die tweedrag onder die Transvalers, en die opposisie teen Burgers, onder andere van die visepresident S.J.P. Kruger, asook die afwesigheid van verset teen die vrypostige anneksasie deur 'n handvol Britte. Sommige van hulle het dan ook 'n tyd lank geen vertroue in die versetwil van die Transvalers gestel nie en die Britse bewind gedien of afsydig gebly, en hulle eers later by die opposisie teen dié bewind aangesluit. Onder hierdie weifelaars was E.J.P. Jorissen (1829-1912). Sy biograaf dr. J. Ploeger skryf oor hom in sy "ondergeskikte en weifelmoedige rol" in die opposisie: "... hy is bereid om hom in teenstelling tot Kruger by die anneksasie neer te lê". Eers na sy ontslag as Staatsprokureur deur die Britse bewind het hy sonder voorbehoud die kant van die opposisie gekies.[1)]

Bok daarenteen het nie geaarsel nie. "Kort voor en tydens die Anglo-Boere-oorlog (1880/81) ontsien hy geen moeite om die saak van die Boere te bevorder nie", skryf Ploeger oor hom. Hy was lid van die eerste Transvaalse

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

deputasie saam met S.J.P. Kruger en E.J.P. Jorissen, wat in 1877 in Brittanje die onafhanklikheid teruggevra het, en ook lid van die tweede deputasie - saam met S.J.P. Kruger en P.J. Joubert en met weglating van E.J.P. Jorissen - wat in 1878 die versoek in Londen tevergeefs herhaal het. Die Britse regering van Transvaal het hom dan ook in 1880 gearresteer en van hoogverraad beskuldig, maar Jorissen het hom as advokaat vrygepleit.

Op die byeenkoms te Paardekraal waar tot gewapende verset besluit is, is Bok as Staatsekretaris benoem en saam met Jorissen het hy die nuwe regering tydens die oorlog in 1880/81 in Heidelberg gedien. In 1884 is hy as Staatsekretaris vir vier jaar deur die Volksraad herbenoem.

Van Bok is die naam van die dorp Amsterdam in Oos-Transvaal afkomstig. Op die plek het 'n kolonisasie van Skotte in die jare '60 misluk. In 1881 wou 'n sekere Scholten daar 'n dorp stig en ter ere van sy voorgangers Roburnia, na die gewilde Skotse digter Robert Burns, noem. Maar die regering het dié naam afgekeur en die voorstel van die Staatsekretaris Bok om die dorp na sy woonstad Amsterdam te vernoem, aanvaar.

In Bok se tweede ampstermyn is die Groot Goudrif aan die Witwatersrand ontdek en het die vinnige opbloei van Transvaal begin. 'n Deel van die verdienste daarvoor kom Bok toe. Tog het die Volksraad hom in 1888 nie herbenoem nie omdat die regering 'n opgeleide regsgeleerde wou aanstel. Dr. W.J. Leyds is in sy plek aangestel, maar omdat Leyds nog nie die vereiste leeftyd van 30 jaar bereik het nie, het Bok nog 'n jaar waargeneem. Leyds het geëis dat Bok 'n ander hoë amp moes kry en die Volksraad van die ZAR het Bok toe addisionele lid en notulehouer van die Uitvoerende Raad aangestel. Bok het ook in sy laaste ampsperiode moeilike take verrig, onder meer as kommissaris van die gesondheidskomitee van die vinnig uitbreidende Johannesburg. Daar is die Bokstraat na hom genoem. In 1897 het hy afgetree en hom in die voorstad Jeppe te Johannesburg gevestig. Daar is hy in 1904 oorlede.

Hy is op 17 Desember 1878 getroud met Marina Gerardina Johanna Eekhout. Hulle het twee seuns en drie dogters gehad. Sy seun dr. Willem Eduard Bok (1880-1956) het 'n verdienstelike amptenaar van Transvaal en regter van die Unie geword.

Die dorp Pietersburg het hom by sy eeufees in 1986 geëer met 'n borsbeeld in die stadspark. Hy verdien hierdie onderskeiding.

Literatuur

J. Ploeger, Willem Eduard Bok, artikel in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel een, ook in Engels gepubliseer; Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en Tafelberg, Pretoria en Kaapstad, 1968, met literatuuropgawe.

1) J. Ploeger, Jorissen, Eduard Johan Pieter, in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 2, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en Tafelberg, Pretoria en Kaapstad, 1972, p.353; ook in Engels gepubliseer - Kyk ook Jorissen, E.J.P., in Standard Encyclopaedia of Southern Africa, volume 6, Nasou Ltd., Kaapstad ens., 1972.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE BLANKE BOERE IN OOS-INDIË, ONDER WIE DIE LAASTE AFRIKANERS VAN CEYLON, 1903-1962 (1)

## Theodor Christoph Sandrock, 1882-1953

deur C. de Jong

Tydens die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 het die Britte ongeveer 24 000 mans en seuns krygsgevange geneem en tydelik in kampe in die Kaapkolonie en Natal ondergebring. Weens die gevaar dat invallende Boerekommando's die gevangenes sou bevry, het die Britse owerheid spoedig begin om ongeveer 20 000 gevangenes na kampe oorsee op nogal geïsoleerde plekke te stuur. Tot die middel van 1900 is gevangenes na Sint Helena gestuur, daarna tot die middel van 1901 na Ceylon (tans Sri Lanka), vervolgens na Bermuda en vanaf die begin van 1902 na afgeleë oorde in Voor-Indië. Op 30 November 1901 was die aantal gevangenes op Ceylon 5126[1)] en by die Vrede van Vereeniging ruim 5100. Oor Ceylon skryf S.P.R. Oosthuizen: "Ceylon het 'n gunstige en gematigde klimaat"[2)]. Dit is slegs ten dele waar. Die klimaat is geheel tropies, baie reënagtig en vogtig, baie warm en nie vry van tropiese siektes soos malariakoors nie.

Daar was vyf kampe op Ceylon, twee grotes en drie kleineres. Die grootste was Dyatalawa in die midde van die eiland, ongeveer 190 myl (304 km) oos van die hawe- en hoofstad Colombo, op 4 000 voet (1333 meter) bo die see in 'n vlei vol natuurskoon, Happy Valley genoem. Weens die hoogte is die nagte koel en die klimaat draaglik. Daar was ruimte vir sportbeoefening, die toevlug van talle gevangenes.

Die tweede groot kamp was Ragama, ongeveer 100 myl (160 km) van Colombo, laag bo die see en daardeur baie warmer en afmattender as Dyatalawa. Daar was min ruimte vir sportbeoefening. Dit was 'n soort strafkamp vir weerspannige en verstokte republikeinse Suid-Afrikaners en buitelanders. Hulle is merendeels uit Dyatalawa na Ragama oorgeplaas, 'n groot aantal na die oproer van Nuwejaar 1901, en sommige het 'n tydjie in die strafgevangenis Welikada of Wilakada in Colombo deurgebring.[3)]

Die aanleidings tot weerspannigheid en oproer was vermeende slegte behandeling deur kampbewakers, byvoorbeeld die skiet van gevangenes wat te dig by die buiteheining van doringdraad was, en aksie van kampowerhede om gevangenes te oorreed om die belofte van trou aan die Britse koning af te lê in ruil vir beloftes van beter behandeling of selfs vrylating. Die "diehards" onder die gevangenes was fel gebete op die "eedsweerders" of "joiners" en het hulle swaar gestraf, maar is daarvoor op hul beurt gestraf.

Op 31 Mei 1902 is te Vereeniging vrede gesluit en is die Boererepublieke definitief by die Britse ryk ingelyf. Die Britse owerhede het van die krygsgevangenes 'n verklaring van trou aan koning Eduard VII verlang as voorwaarde vir hul repatriëring. 'n Groot groep gevangenes het die verklaring dadelik onderteken, want hulle het in die verlies van hul onafhanklikheid berus en wou huis toe gaan. Andere het staatkundige of godsdienstige besware gevoel,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

maar briewe van Boereleiers uit Suid-Afrika en die besoek van generaal J.H. de la Rey aan kampe op Ceylon in 1902 het hulle oortuig dat die aflê van die verklaring hul gewete nie sou belas nie en die een na die ander het onderteken en aan boord van die skip na Suid-Afrika gegaan.

'n Klein aantal bewoners van sommige kampe het standvastig geweier om die lojaliteitsverklaring af te lê en mog daarom nie na Suid-Afrika terugkeer nie. Hul motiewe was een of meer van die volgende:

(1) Hul staatkundige en/of godsdienstige besware teen die verklaring was onoorkomelik.
(2) Hulle het hul gesin, ander familielede, plaas en vee in die oorlog verloor en het daarom geen sin in terugkeer gevind nie.
(3) Hulle was jonk, ongetroud en sonder hegte bande met familie en besit in Suid-Afrika. Hulle was daarom bereid om die avontuur van 'n toekoms buite Suid-Afrika aan te durf. 'n Goeie voorbeeld van hierdie groep is die jong Theodor Christoph Sandrock.
(4) Hulle was buitelanders, slegs kort voor of tydens die oorlog in Suid-Afrika verblyfhoudend - gevestig kan ons nie altyd sê nie. Hulle het daarom geen hegte bande met Suid-Afrika gevoel nie en wou emigreer, terug na hul land van herkoms in Europa of elders of na 'n ander land buite die Britse ryk. 'n Voorbeeld van hulle was kommandant J.G. van Ham.

Hulle is deur die Britte die Irreconcilables, die Onversoenlikes, genoem en was vir die plaaslike owerhede 'n bron van verleentheid. Sommige is deur hulle hard behandel en in die tronk gesit. Die meeste het ten slotte verlof ontvang om te bly as vrye vreemdelinge, soos 'n groepie op Bermuda, andere is toegelaat om na 'n nie-Britse land te emigreer, soos die 21 Onversoenlikes op Ceylon. Hulle was die laaste bewoners van Dyatalawa en Ragama. Die feitlike leier van 'n groep van 20 was die genoemde J.G. van Ham wat in Nederlands Oos-Indië gebore was. Hulle is in die Welikadagevangenis te Colombo gesteek en is na verskeie maande deur die regering van Nederlands Oos-Indië toegelaat om hulle as boere op Wes-Java te vestig. Hulle het daar in April 1903 aangekom. Ek sal in die later bydraes op hul lotgevalle terugkom.

Die 21ste Onversoenlike was die 21-jarige Theodor Christoph Sandrock. Hy het nie tot die groep van 20 behoort nie, het moontlik nie in die tronk beland nie en het kans gesien om as enkeling verlof van die regering van Nederland Oos-Indië te ontvang om na Batavia te vertrek en hom in Oos-Indië te vestig.

Hy was die derde kind van Christoph Sandrock. Laasgenoemde is gebore te Herzfeld in Pruise in 1845, opgelei tot sendeling van die Lutherse Berlynse Sendinggenootskap en na die stasie Bethanie buite Bloemfontein gestuur. Karel Schoeman het onlangs oor die geskiedenis van dië sendingstasie voor Sandrock se koms onder die titel "Die huis van die armes" (een van die verklarings van Bethanie) gepubliseer.[4] Linda Zöllner en dr. J.A. Heese het oor sendeling Sandrock geskryf:[5]

"Christoph word in 1875 na Bethanie gestuur met die opdrag om veral in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die skool op Bethanie met die onderrig te help. Hy het ondervinding van boerdery gehad en onder sy leiding het die boerdery op Bethanie winsgewend geword. Hy het damme laat bou, die landerye laat omhein en so beter oeste gekry. In 1879 het die Regering van die Oranje-Vrystaat hom as vrederegter benoem. Gedurende die tagtigerjare het hy met 'n perdekar dagreise na Bultfontein en Boshof onderneem om die evangelie te verkondig en twee buitestasies van Bethanie, Katdoornpunt en Driekloof is deur hom gestig.

"In 1894 begin hy 'n sendingstasie by Springfontein wat hy Gerlachtal noem. Christoph het in so 'n mate sy gemeente se steun geniet dat hy 'n kerk en 'n skool kon oprig wat ten volle deur die gemeente gefinansier is. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het hy kiste goedere wat hy van goedgesinde mense in Duitsland ontvang het, aan die vrouens en kinders in die konsentrasiekamp op Springfontein uitgedeel. Soms was dit selfs vir hom nodig om begrafnisdienste vir gestorwenes in die kamp te hou.

"Na die gewelddadige dood van Klobus op Bethanie word Christoph (van Springfontein) terugverplaas daarheen om die moeilikhede wat daar was, op te los. Hy tree in 1918 as sendeling af en vestig hom in Bloemfontein, waar hy oorlede is (op 12 November 1930)."

Hy is op 20 November 1877 getroud met Clara Albertine Rossman, gebore te Arheiligen by Darmstadt, Rynland, oorlede op 1 Junie 1925. Hul eerste drie kinders was August Marie Albertine, Heinrich Carl Reinhard en Theodor Christoph, gebore te Bethanie op 26 Februarie 1882.

Dit is duidelik dat Christoph een van die Duitse sendelinge was wat hom nie slegs op bekeringswerk nie maar ook op onderwys aan swartes en die landbou toegelê het. Hoewel die boere dikwels die sendelinge se houding jeens gekleurdes as te toegeeflik gekritiseer het, was Christoph se verhouding met die owerheid van die Vrystaat en in die oorlog 1899-1902 met die blanke bevolking uitstekend. Hy het toe gepoog om die lot van dié bevolking te versag. Sy derde kind het veel van sy vader se trekke oorgeneem, soos godsdienssin, ywer, lojaliteit jeens die republiek en later die Afrikanerdom en toewyding aan vooruitstrewende landbou.

Sy seun Theodor Christoph is op 28 Februarie 1882 te Bethanie gebore en omstreeks 1895 na die bekende Grey College te Bloemfontein gestuur. 'n Kollega van sy vader, sendeling Arndt[6], het in sy Bloemfonteinse jare as sy voog opgetree. Hy het bekende klasmaats gehad, onder andere N.C. Havenga (Klasie), minister van finansies van die Unie van Suid-Afrika.[7]

Die oorlog het ook Theodor se lewe omgewoel. Op 27 Februarie 1900 het generaal P.A. Cronjé met sy leër by Paardeberg aan die Britte oorgegee, die militêre toestand van die Boererepublieke het vinnig versleg en op 13 Maart 1900 het die Britse leër Bloemfontein beset. Van studie en matriekeksamen skryf, was vir Theodor geen sprake meer nie. Hy het geen eindeksamen afgelê nie en op kommando gegaan. In sy familie het romantiese verhale oor sy oorlogservarings gesirkuleer wat slegs ten dele waar kan wees. Na bewering het hy 'n Britse soldaat gehensop en sy perd, tuig en geweer afgeneem om op kommando te gaan. Dat hy lid van die befaamde Transvaalse Verkennerskorps van Danie Theron was, kan nie waar wees nie, want hy is reeds op 4 April 1900 by

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Theodor Christoph Sandrock in Oos-Indië, datum onbekend.

Foto uit familiebesit.



Theodor Christoph Sandrock en sy eggenote Maria Elisabeth Mastenbroek kort na hul huwelik te Batavia in September 1906.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Reddersburg gevang. Hy is na die kamp Groenpunt te Kaapstad gestuur en na ongeveer 7 maande op die Britse skip 'Catalonia' na Ceylon oorgebring. Dié skip het op 8 Januarie 1901 in Colombo aangekom. Sy gevangenommer was 7076 en hy is in hut 74 in Dyatalawa ondergebring.[8)]


Oor sy verblyf op Ceylon is niks besonders bekend nie, maar na die oorlog wou hy nie die lojaliteitsverklaring aflê nie en hy was dus een van die Onversoenlikes, wat nie na Suid-Afrika mog teruggaan nie. Hy was jonk en wou buite Suid-Afrika 'n loopbaan volg. Hy het die geleentheid vir die Onversoenlikes op Ceylon om hulle in Nederlands Oos-Indië te vestig, aangegryp en in 1903 as enkeling na Batavia gereis. Daar het hy jongste klerk by die firma Tiedeman & Van Kerchem geword. Hierdie firma het die direksie van die groot handelsbank die Nederlandsch-Indische Escompto-Maatschappij[9)] Naamlooze Vennootschap (N.V.), sedert die stigting daarvan deur dié firma op 22 Augustus 1857, op hom geneem. By die oprigting van die Javasche Bank as sirkulasie- en handelsbank van Oos-Indië in 1828 was die Escompto-Maatschappij die eerste private handelsbank in die kolonie. In die tweede helfte van die 19de eeu het die Nederlandsche Handel-Maatschappij, gestig in 1824, geleidelik as handelsbank toegetree.[10)]

In Desember 1901 is Tiedeman & Van Kerchem op hul versoek onthef van die direksie en het die Escompto-Maatschappij sy eie bestuur gekry. Hierdie verandering verklaar waarom Theodor na een of twee jaar in diens van die Maatschappij getree het.[11)] Oos-Indië was toe in 'n tydperk van vinnige ontwikkeling en groei en die handelsbanke het daarin gedeel. Volgens sommige was van die drie genoemde groot banke die Escompto-Maatschappij die aktiefste, onder meer met kliëntewerwing.

Theodor was goed opgelei en ywerig van aard en daar was in Oos-Indië groot behoefte aan jongelui met sy kwalifikasies. Hy is dan ook vinnig bevorder. By sy aanstelling is hy verplig om binne 6 maande Nederlands te leer. Blykbaar was die Nederlands wat hy in die Grey College geleer het, geheel onvoldoende. Hy het aandlesse in dié taal geneem by die onderwyser D. Iken te Batavia. Dié was getroud met Sina Mastenbroek uit Amsterdam. Haar jonger suster was Maria Elisabeth. Theodor het haar by sy onderwyser ontmoet en hulle het op 17 September 1906 getrou.

Hy was agent van die bank te Padang, 'n handelsentrum op Wes-Sumatra, en daarna agent te Semarang, die derde hawestad in rang op Java. In 1913 het 'n einde aan sy loopbaan gekom, so het dit gelyk. Na 11 jaar in die tropiese laagland met afmattende klimaat het hy verlof in die buiteland aangevra om met sy vrou en drie kinders sy familie in Suid-Afrika te besoek, want sy hart het altyd aan sy familie en geboorteland gehang. Sy direksie het sy versoek afgewys, hy het ontslag geneem en met sy gesin na Suid-Afrika gereis. Hy het vermoedelik reeds kontakte in Suid-Afrika gehad en daar 'n betrekking beoog, moontlik by die Nederlandsche Bank van Zuid-Afrika. Hy het onder andere Johannes Postmus, destydse inspekteur van bykantore van die Nederlandsche Bank, ontmoet. Dié instelling het hom maar stadig uitgebrei en Postmus het Sandrock gevra of daar 'n betrekking vir hom in Oos-Indië was. Sandrock het hom geantwoord dat die blankes in Oos-Indië in die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Theodor Christoph Sandrock as president-direkteur van die Nederlandsch-Indische Escompto Maatskappij te Batavia. Foto uit familiebesit.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

toekoms die mag aan die veel talryker inheemse bevolking sou moes afstaan en dat hy daarom Postmus en sy eie kinders afraai om hulle in Oos-Indië te vestig. Suid-Afrika sou hulle onder blanke gesag 'n veel beter toekoms bied. Postmus het wyslik in Suid-Afrika gebly en opgeklim tot president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank van 1932 tot 1945.[12)]

Toe het daar weer een van die onverwagte wendings in Theodor se lewe en loopbaan gekom. Hy was nog geen twee maande in Suid-Afrika nie, toe die direksie van die Escompto-Maatschappij hom telegrafies versoek om so spoedig moontlik terug te kom en agent te Soerabaja te word. Soerabaja is die grootste hawestad van Oos-Indië en daar was die belangrikste kantoor van die Maatschappij na die hoofkantoor in Batavia. Dit sou dus 'n belangrike bevordering wees. Sandrock het die aanbod aanvaar en alleen na Java teruggereis. Sy vrou en drie kinders moes maande op 'n skip na Java wag en het ten slotte met die 'Ascanius' van die Blue Funnel-Line oor Australië na Oos-Indië teruggevaar. Onderweg na Australië het die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 uitgebreek. Die passasiers moes toe daeliks oefen om in die sloepe te gaan.[13)]

Die griepepidemie in 1918 het ook Oos-Indië en die gesin Sandrock swaar getref. Al die gesinslede het herstel, maar mevrou Sandrock het 'n nierkwaal oorgehou. Toe die Eerste Wêreldoorlog verby was, het sy met haar jongste kind van 7 jaar, Max, na Nederland gereis om daar genesing te soek. In Augustus 1919 is sy vyf dae na 'n nieroperasie aan embolie oorlede. Theodor en sy ander kinders, Herman en Theodor Heinrich, 12 en 11 jaar oud, het in Januarie 1920 na Nederland vertrek. Daar is Max versorg deur 'n ongetroude jonger suster van mevrou Sandrock, Alida, 30 jaar oud. Theodor het met haar getrou.

Die volgende plotselinge wending was die benoeming van Theodor tot president-direkteur van die Escompto-Maatschappij, hoof van dié bank. Hy het spoedig met Alida en Max na Batavia teruggekeer en die ander seuns vir hul opleiding in Nederland agtergelaat. Herman het daar regsgeleerdheid en Theodor Heinrich veeartsenykunde gestudeer en na hul studie na Suid-Afrika geëmigreer.

Theodor moes weens sy benoeming sy Britse burgerskap - gevolg van sy geboorte in die Oranje-Vrystaat in 1882 - vir die Nederlandse verwissel en sy minderjarige kinders het bygevolg ook Nederlanders geword. Daarom moes die Sandrocks ná hul vestiging in Suid-Afrika 5 jaar op burgerskap van die Unie wag.


By sy aankoms in Oos-Indië was ook hierdie kolonie in 'n diep na-oorlogse depressie gedompel. Hy het die Escompto-Maatschappij deur die moeilike depressiejare geloods. Van 1925 tot 1930 was die ekonomiese toestand beter, maar van 1930 tot 1936 het die Groot Depressie Oos-Indië swaar getref. Die Escompto-Maatschappij het in dié tydperk danksy Sandrock se beleid met moeite kop bo water gehou, ook nadat hy in 1933 met pensioen gegaan het.

Hy was in sy vrugbare Indiese jare ook buite die bankwese aktief. Hy was verteenwoordiger van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging te Amsterdam, opgerig in 1881, en voorsitter van die afdeling Oos-Indië

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Theodor Christoph Sandrock op middelbare leeftyd, datum onbekend.
Foto uit familiebesit.



Die woonhuis van Theodor Christoph Sandrock en sy eggenote,
Pretoriusstraat 770 te Pretoria, van 1940 tot 1953.
Foto C. de Jong.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die Algemeen Nederlandsch Verbond, opgerig te Brussel in 1895 ter versterking van die betrekkinge tussen Dietstaliges oor die hele wêreld, die Afrikaners inbegrepe. Hy het saam met dr. E.C.Godée Molsbergen en mnr. John Gaspard Gubbins hom beywer vir die skenking van kort tevore gevonde stukke van die grafsteen van Jan van Riebeeck en sy tweede eggenote Maria Scipio in Batavia aan Suid-Afrika. Godée Molsbergen was enkele jare professor in Stellenbosch, historikus van Suid-Afrika en in 1922-36 argivaris in die Landsargief te Batavia.[13] Gubbins was van Engelse geboorte, boer in Wes-Transvaal, groot Africanaversamelaar en grondlegger van die Africanamuseum te Johannesburg.[14] Die Goewerneur-Generaal en die Volksraad in Batavia het toegestaan dat die stukke na die kultuurhistoriese museum in Kaapstad gestuur is.

Hy het hom ook ingespan vir die ekonomiese betrekkinge tussen Oos-Indië en Suid-Afrika, hoewel dié lande oppervlakkig beskou min het om mekaar aan te bied. Toe die Koninklijke Paketvaart-Maatschappij - 'n groot redery vir Oos- en Suid-Asië - weens gebrek aan vrag in die Groot Depressie skepe moes oplê, het hy die KPM-direksie aangeraai om 'n lyndiens na Suid-Afrika te open. Die KPM het die diens met passasiers- en vragskepe in 1932 begin en later uitgebrei na Wes-Afrika en Suid-Amerika. Hy het bygedra tot die invoer van Suid-Afrikaanse beeste in Oos-Indië. Hy het in kontak met sommige Afrikanerboere op Wes-Java, van Ceylon afkomstig, gebly. Daar bestaan 'n foto van hom en die bekendste van dié Afrikaners, tydens sy besoek aan hul bedryf, de Generaal-de-Wet-boerderij, omstreeks 1933 geneem.

## Terug in Suid-Afrika

Hy het in 1933 met pensioen afgetree en met sy eggenote en hul kinders Robert en Alida Clara na Suid-Afrika geëmigreer. Die KPM het hulle en hul besittings kosteloos vervoer. Omstreeks dieselfde tyd het Herman en Theodor Heinrich ná hul voltooide studie in Nederland hulle in Suid-Afrika gevestig omdat hul vader vir hulle geen toekoms in Oos-Indië verwag het nie. Hy was reg. Van 1942 tot 1945 is Oos-Indië deur Japan beset, in 1945 is die Republik Indonesia uitgeroep, in 1945-49 het die Republik 'n onafhanklikheidsoorlog gevoer, eers teen Britse en daarna teen Nederlandse troepe, en in 1949 het Nederland die gesag aan die Republik oorgedra. Die Republik het in 1958 tydelik alle Nederlanders verban en hul eiendomme verbeurd verklaar.

Theodor Christoph het 'n plaas by Springfontein gekoop, mede omdat hy verskeie jare in dié Suid-Vrystaatse dorp deurgebring het. Hy het dié plaas Gondangdia genoem na die deftige voorstad van Batavia waar hy gewoon het. Hy het met eersteklas Jerseybeeste, Percheronperde en merinoskape geboer en 'n modelplaas tot stand gebring.

"In 1938 was vader op het hoogtepunt van zijn economische belangstelling", het sy seun Herman my in 1986 geskryf.[15] Hy was toe net soos eerste minister J.B.M. Hertzog en minister van finansies Klasie Havenga direkteur van die dagblad "Die Vaderland" wat hulle destyds uit sy finansiële moeilikhede gehelp het, en van die weekblad "Brandwag". Van 1938 dateer ook die enigste publikasie wat ek van hom gevind het. Dit is die teks van 'n lesing wat hy op Dinsdag 7 Junie 1938 vir die tak Pretoria van die Ekonomiese Ver-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

eniging van Suid-Afrika gegee het. Die teks is gepubliseer in die "Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie", jaargang 1938, in Engels met die titel "Banking in Java and South Africa".[16] Die inhoud is belangrik genoeg om hierby stil te staan, want min Suid-Afrikaners skenk aandag aan Oos-Indië, hoewel die Kaapkolonie onder die Vereenigde Oost-Indische Compagnie ongeveer 150 jaar vanuit Batavia bestuur is.

Die bankwese in Oos-Indië en Suid-Afrika

Sy lesing is gegrond op sy persoonlike ervaring van 30 jaar. Hy skets die muntwese in Nederlands Oos-Indië wat net soos state in Suid-Afrika met oormatige papiergeld en inflasie gekamp het. Tot omstreeks 1900 het talle buitelandse munte gesirkuleer en was die voorsiening van gawe Nederlandse munte geheel onvoldoende, onder meer weens die ontsaglike uitgestrektheid van die kolonie, hoewel Oos-Indië die eerste land buite Europa was waar in 1828 'n sirkulasiebank - die Javasche Bank - gestig is.[17] Eers tussen 1907 en 1920 het die voorsiening met Nederlandse munte verbeter.

Die Javasche Bank was die oudste suksesvolle sirkulasiebank buite Europa en mede daarom het sy statute ten dele as voorbeeld van die statute van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in 1920 gedien. Origens was daar groot verskille tussen die twee instellings. Die Javasche Bank was vanaf sy stigting sowel sirkulasiebank - in die 20ste eeu sentrale bank genoem - as handelsbank, terwyl die S.A. Reserwebank uitsluitend sentrale bank was. Die gevestigde Javasche Bank het 'n magsposisie teenoor die regering en die na hom gestigte private handelsbanke ingeneem wat die SARB 20 jaar lank moes ontbeer. Europese kooplui in Oos-Indië wat ontevrede oor die Javasche Bank en die Nederlandsche Handel-Maatschappij, 'n ander halfmonopolistiese instelling, in 1824 gestig, was, het in 1857 die Nederlandsch-Indische Excompto Maatschappij opgerig. Dit was 'n aktiewer bank vir kort krediet.

Oos-Indië het 'n aantal lokale banke behou, maar die grootste handelsbanke het hul hoofkantore in Amsterdam, Londen, Yokohama of Hongkong gehad. Slegs die Javasche Bank en die Escompto-Maatschappij het hul hoofkantoor in Batavia gehad. Theodor Sandrock merk op p.170 oor die vestiging van sommige banke se hoofsetel buite Oos-Indië op: "It must have retarded the economic development of the country owing to the fact that their head offices are six thousand miles away..."

Na omstreeks 1900 het die Javasche Bank veel aktiewer geword en Sandrock kla oor die hewige mededinging wat die sentrale bank die handelsbanke aandoen. Hy vind die toestand in Suid-Afrika baie gunstiger, omdat hier slegs drie handelsbanke is, waarvan twee groot Britse instellings, wat buitensporige mededinging vermy. Hy pleit vir verlegging van die Suid-Afrikaanse valutahandel van Londen na Suid-Afrika, onder meer ten geriewe van die KPM wat via Londen met Suid-Afrika valutatransaksies moet verrig (p.182-183). Hy kritiseer op p.183 die vrygewige subsidies en kredietverlening deur die Landbank aan die Suid-Afrikaanse boere: "It is unreasonable to grant loans without sufficient discretion to a group of countrymen - the good farmers excepted - who are infected by politics and cling to antiquated methods." Sy kritiek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

weeg des te swaarder omdat hy 'n progressiewe boer was. Hy stel die samewerking van die Javasche Bank en handelsbanke op Java op inisiatief van die Escompto-Maatschappij in 1922 tot stigting van 'n hoognodige hipoteekbank ten voorbeeld aan Suid-Afrika, d.w.s. hy het slegs matige vertroue in die bouverenigings wat hier in plek van hipoteekbanke opereer. Hy eindig met 'n woord van lof vir "the splendid work which is being done by Ons Eerste Volksbank in Pretoria", die voorloper van die Volkskas wat in 1934 gestig is.

Laaste lewensjare

Kort na 1938 openbaar die gevreesde siekte van Parkinson hom by Theodor Sandrock. Daarom het hy en sy eggenote die modelplaas Gondangdia by Springfontein verlaat en 'n huis te Pretoria, nommer 770 in Pretoriusstraat gekoop. Destyds was dié siekte ongeneeslik en sy spiere is geleidelik verlam, sodat hy ten slotte geheel invalide was. Sy brein het altyd helder gebly. Hy het nie vereensaam nie, sy talle vriende in die hoofstad het hom dikwels besoek. Die president van die S.A. Reserwebank, J. Postmus, en die direkteur van dié instelling, dr. E.H.D. Arndt, was gewoond om elke Donderdag finansiële vraagstukke met hom te bespreek. Sy kinders het almal 'n suksesvolle loopbaan gevolg. Sy eggenote is tydens 'n besoek aan haar familie te Zeist in Nederland skielik oorlede en daar begrawe. Hy is in Pretoria verder versorg deur 'n ongetroude suster en is op 28 November 1953 oorlede.

Hy was 'n vooraanstaande lid van die vrymesselary in Oos-Indië. Sy verdienstes as bankier is erken deur die toekenning van die ridderskap in die Orde van Oranje-Nassau in 1929 en van die ridderskap in die nog hoër gewaardeerde Orde van die Nederlandse Leeuw in 1932. Sy karakter is geprys as opreg en beginseltrou. Hy het hom altyd afsydig van politieke partystryd en gekonkel gehou.[18)]

Verwysings

1) "Alphabetical Roll of the Prisoners of War in Ceylon, received between 8 August 1900 and 30 November 1901", gedruk op las van die Britse militêre administrasie.

2) S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902", D. Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976, p.148; ongepubliseerde, belangrike werk.

3) Oosthuizen, t.a.p. verwysing 2 hierbo.

4) Karel Schoeman, "Die Huis van die armes, Die Berlynse Sendinggenootskap in die Oranje-Vrystaat 1854-1862, 'n bloemlesing geredigeer en vertel deur Karel Schoeman;" Human & Rosseau, Kaapstad-Pretoria 1985, 144 pp.

5) Linda Zöllner en J.A. Heese, "The Berlin missionaries in South Africa and their descendants;" Human Sciences Research Council (RGN), Pretoria 1984, 586 pp., - p.402-405 familie Sandrock.

6) Hy was die vader van prof. E.H.D. Arndt, dosent in ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, daarna besturende direkteur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en Registrateur van finansiële instellings te Pretoria.

7) Die oudste seun van Theodor Christoph, met die naam Herman Christoph,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het my in sy briewe van 26 Oktober 1985 en 21 Januarie 1986 uitvoerig oor sy vader ingelig. Waar ek geen bron vermeld nie, is dié briewe my bron. Herman se weduwee en sy suster Alida Clara het my verskeie foto's van Theodor verskaf, waarvoor ek ook hulle graag bedank.

8) "Alphabetical Roll of the Prisoners of War," t.a.p. verwysing 1 hierbo, en "Additions to List of Free State Prisoners of War," onder T.C. Sandrock.

Theodor se suster Clara Louise, gebore op 15 Julie 1883, is in Februarie 1908 getroud met Frederick Matthew Fulton. Kyk Zöllner en Heese, verwysing 5 hierbo, p.404. Fulton was 'n Britse offisier en een van die talle Britse militêre wat na die oorlog in Suid-Afrika gebly het. Hy is benoem tot vrederegter op Springfontein en het daar kennis met sendeling C. Sandrock en sy dogter Clara gemaak. Fulton het later hoof van polisie in Johannesburg geword. Volgens familie-oorlewering is hy die offisier wat Theodor op 4 April 1900 gevangegeneem het. Deur sy huwelik het hy Theodor se swaer geword.

9) Escompto is afgelei van Nederlands excompteeren, dit is die aankoop van handelswissels met diskonto. Teenoor escompteeren het disconteeren gestaan, dit was die verkoop van wissels. In die 20ste eeu het escompteeren en escompto in Nederland in onbruik geraak. Escompteeren is vervang deur disconteeren en die ou term disconteeren deur verdisconteeren.

10) Die geskiedenis van die bankwese in Nederlands Oos-Indië, onder meer van die handelsbanke, is beskryf deur G.M. Verrijn Stuart, "Het bankerzen in de Nederlandsche koloniën", G. Delwel, Wassenaar 1934; die handelsbank die Nederlandsch-Indische Escompto-Maatschappij is bespreek op p.108-128. Kyk ook die "Encyclopaedie van Nederlandsch-Indië", tweede druk, deel een, M. Nijhoff, Den Haag, en E.J. Brill, Leiden, 1917, onder Credietinstellingen en Escompto-Maatschappij, Nederlandsch-Indische.

11) Zöllner en Heese, t.a.p. verwysing 5 hierbo, vermeld op p.403 per abuis dat Theodor Christoph in diens van die Bank van Java (letterlike vertaling van die Engelse naam Bank of Java) was.

12) Brief van Herman Sandrock aan C. de Jong van 26 Oktober 1985.

13) Kyk lewenskets van E.C. Godée Molsbergen in E.C. Godée Molsbergen, "Jan van Riebeeck en sy tyd", J.L. van Schaik, Pretoria 1968, vertaal deur B.J. Liebenberg van UNISA met aanvullings deur J. Ploeger, "Meer oor die boek en die skrywer daarvan" op p.120-130.

14) Artikel oor John Gaspard Gubbins in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel een", Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Tafelberg, Pretoria en Kaapstad, 1968, p.352-353, ook in Engels gepubliseer.

15) Brief van Herman Sandrock aan C. de Jong van 26 Oktober 1985.

16) "Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie (South African Journal of Economics)", jaargang 6, Johannesburg 1938, p.165-185.

17) Nederlands Oos-Indië was ook een van die eerste, moontlik die eerste, land buite Europa wat die goudwisselstandaard toegepas het, amptelik sedert 1891. Dit hou in dat die monetêre outoriteite, hier die Javasche Bank, die wisselkoers van die Indiese gulden op Nederland gestabiliseer het ten opsigte van die Nederlandse gulden sonder om 'n edelmetaalreserwe in goud of silwer aan te hou.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

18) Nekrologieë van Theodor Christoph Sandrock het verskyn in die maandblad "de Nederlandse Post", jaargang 7 no. 8, Kaapstad-Johannesburg, Desember 1953, p.26, en in "Zuid-Afrika, Maandblad van de Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam", jaargang 31, no. 1, Amsterdam, januari 1954, p.23.

Kinders van Theodor Christoph Sandrock en sy eerste eggenote Maria Elisabeth Mastenbroek was:

Herman Christoph, 1907-1987, prokureur, daarna regskundige by Sanlam in Kaapstad, getroud met Maria Magdalena Malan.

Theodor Heinrich, 1908-1940, diere-arts, getroud met Sylvia Forssman, nakomeling van die bekende O.W.A. Forsmann van Potchefstroom (?)

Max, 1912-1971, ingenieur.

Kinders van Theodor Christoph Sandrock en sy tweede eggenote Alida Mastenbroek was:

Robert, 1921-1984.

Carl, 1923, jonk oorlede.

Alida Clara, gebore 1927, getroud met die arts Gert J.J. van Deventer te Rustenburg.

Theodor Heinrich het as diere-arts gekwalifiseer in die fakulteit van Onderstepoort.

- o -

## SKOOLTUINEKOMPETISIE 1987

deur Mev. S.W. Jacobs

Sedert die ontstaan van die Genootskap Oud-Pretoria se skooltuinekompetisie in 1955 het slegs laerskole daaraan deelgeneem. By 'n bestuursvergadering van die Genootskap gehou op 3 Junie 1987 is daar egter besluit dat inskrywingsvorms vir deelname ook aan hoërskole in Pretoria en omgewing gestuur moes word. Die gevolg was dat daar in 1987 benewens 17 laerskole ook tien hoërskole aan die kompetisie deelgeneem het. Hulle het onderskeidelik in 'n junior en senior afdeling meegeding. Die uitslag van die kompetisie was soos volg:

Hoërskole (senior afdeling):
Eerste prys: Pretoria High School for Girls, Pretoria
Tweede prys: Hoërskool Overkruin, Wonderboom

Laerskole (junior afdeling)
Eerste prys: Laerskool Mayville, Mayville
Tweede prys: Laerskool Fleur, Verwoerdburg

Ons dank aan mnr. J.J. Aves wat die tuine beoordeel het, en aan die skole wat deelgeneem en op daardie manier wedywering help bevorder het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Skildery deur die Duitse oorlogskilder Sylvester Reisacher gemaak van 'n nagtelike deurbraak van 'n Boerekommando onder generaal C.R. de Wet deur die Britse blokhuis- en doringdraadlinie langs 'n spoorlyn in die Oranje Vrystaat (?) tydens die sluipoorlog 1901-1902. Die skildery is die vyfde werk van Reisacher in die Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelygmuseum (NASKO) te Pretoria.
Foto NASKO.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# MOONTLIKE VOORBEELDE VIR REISACHER SE SKILDERYE VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOERE-OORLOG 1899-1902 (5)

deur C. de Jong

## Vyfde en laaste skildery: Deurbraak van generaal De Wet deur die Britse linies

Die eerste vier skilderye van die Duitse oorlogskilder Sylvester Reisacher het veldslae in die eerste fase van die oorlog 1899-1902, die gereëlde oorlog, as onderwerp. Die tweede fase is die tydperk van die sluipoorlog of guerrilla (Duits: Kleinkrieg). Dit is passend dat Reisacher in sy laaste werk 'n hoogtepunt van die sluipoorlog uitbeeld. Dit is 'n nagtelike deurbraak van generaal C.R. de Wet met sy kommando deur Britse blokhuis- en doringdraadlinies langs 'n spoorlyn.

Ek het in my inleiding tot die reeks skilderye in Pretoriana no. 89 gewys op die ontwikkeling in Reisacher se reeks, waarby hy hom by elke skildery onafhankliker van sy voorbeelde in Britse tydskrifte en oorlogsboeke maak. Opvallend is die vryheid, los van sy voorbeelde, waarmee hy sy laaste onderwerp behandel. Daar is verskeie kunsvoorstellings van nagtelike deurbraakpogings van Bittereinderkommando's, vol vaart en spanning, soos blokhuise in vuurgeveg met Boere, Britse pantsertreine wat hul sterk soekligte op Boereruiters rig en hulle hewig beskiet, kuddes opgejaagde, dolgeworde vee wat doringdraadheinings bestorm en plattrap, perderuiters wat agter die vee deur die geslane bresse ja en Britse soldate in geveg met hulle. Die Britse leërbevel het talle blokhuise digby die spoorlyne laat bou en onderling deur hoë doringdraadheinings verbind om die spoorlyne teen die Boere te beskerm en hulle daarteen vas te keer.

Reisacher het hom wyslik in die keuse van hierdie talryke spanningselemente beperk. Sy skildery is al bewoë en dramaties genoeg. Hy het slegs een blokhuis en geen Britse trein en geen stormende kuddes vee geskilder nie. Sommige, generaal De Wet ingesluit, het trouens ontken dat die Boere ooit kuddes vee vorentoe gejaag het om versperrings plat te trap. Reisacher beeld uit hoe 'n groot perdekommando in 'n reënagtige nag deur die draadheining langs 'n spoorlyn bars onder kruisvuur van die blokhuis links op die agtergrond en Britse voetvolk regs op die voorgrond; die digte formasie in gevegsgelid van die soldate lyk egter in hierdie omstandighede onwaarskynlik. Die spoorlyn maak 'n groot draai dwarsdeur die skildery wat die perspektief hiervan verwyd. Die tafereel is vol hollende, vallende en rollende ruiters en toon 'n maksimum aan vaart en dramatiek.

Soos vroeër gesê is, beeld die oorlog- en veldslagskilders by voorkeur die opperbevelhebber in 'n opvallende posisie uit, naamlik op 'n hoogte of in die middelpunt van die tafereel. Op die vyfde skildery ontbreek hoogtes en daarom is die Boereleier, generaal Christiaan de Wet, in die middelpunt geplaas. Hy wenk sy manskappe met sy arm om hom te volg terwyl Fleur, sy perd, oor die spoorlyn ja.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Nabeskouing van die reeks skilderye

Die vyf skilderye is verbind deur 'n simboliek van lig en donker. Die lig versinnebeeld die oorwinning van die Boere, die donker hul neerlaag. Die eerste drie skilderye is verlig deur die sonnestrale van die daeraad, soos op Spioenkop, of van die middag, naamlik by Ladysmith en Colenso. Op die vierde skildery, Paardeberg, word die helder hemel verduister deur die ontploffende Britse granate en die rook van die brandende Boerelaer. Die oorgawe van generaal P.A. Cronjé met sy leër by Paardeberg was die beslissende wending in die oorlog: daarna kon die Boere die oorlog nie meer wen nie. Die vierde werk toon hoe die leër van Cronjé vasgevang is in 'n ring van vuur waaruit hulle nie kon wegbreek nie.

Die vyfde werk is gehul in nagtelike donker onder 'n hemel met dik reënwolke sonder sterre. Die donker kleur simboliseer die somber sluipoorlog toe dit nag vir die Boererepublieke geword het. Dit is in teenstelling tot die vierde werk vol beweging en aksie, maar dit is 'n vlug voor die vyand uit, want die Britte agtervolg De Wet se kommando. Die deurbraak geluk soos alle deurbrake van De Wet geslaag het, maar dit kan die naderende neerlaag en oorgawe van die Bittereinders en die ondergang van die republieke nie verhoed nie.

Die sombere, maar heldhaftige tafereel van die vyfde skildery vorm 'n waardige sluitstuk van die reeks.


\- o -

VERSKYNING VAN BOEK OOR DIE GESLAG DU PLESSIS

Ons voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, het jarelank navorsing oor die geslag Du Plessis in Suid-Afrika, waartoe sy eggenote behoort, gedoen en onlangs vir eie rekening 'n boek getitel "Die Du Plessis-familieboek 1688-1988" gepubliseer. Dit is gedruk by die V & R-Drukkery in Pretoria. Besonderhede oor die verskillende families waarvan lede met 'n Du Plessis getrou het, word ook in hierdie werk verskaf. President S.J.P. Kruger se geslagte word hierin behandel, omdat albei sy gades Du Plessis-nooiens was. Die boek tel nie minder as 1256 bladsye nie. Die oplaag is 250 eksemplare. Die prys is R100, algemene verkoopsbelasting ingesluit.

Belangstellendes kan die boek van Dr. N.A. Coetzee op sig kry. Sy adres is: Dr. N.A. Coetzee, Julius Jeppestraat 246, Waterkloof, Pretoria, 0181, telefoon 012 (kode van Pretoria) 463142.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



DEFEAT OF A NIGHT ATTEMPT TO CROSS THE RAILWAY

Drawing by Allan Stewart

Nagtelike poging van berede guerrillastryders om die spoorlyn op die voorgrond oor te steek waarby hulle verras word deur soekligte en koeëls uit 'n naburige Britse blokhuis.
Uit: Louis Creswicke, *"South Africa and the Transvaal War"*, deel 7, Caxton, Londen, sonder jaar, teenoor p. 44.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



J. Sheldon Williams.]

THE BOERS UNDER VAN DER MERWE AND VAN COLLER BREAKING THROUGH THE BLOCKHOUSE LINE (p. 916).

Nagtelike deurbraak van 'n kommando deur die doringdraadheinings langs 'n spoorlyn, waarby die Boereruiters troppe beeste voor hulle uit ja om die draadheining plat te trap. 'n Trein rig sy soeklig op hulle en beskiet hulle met granate. Volgens H.W. Wilson, t.a.p. p.916, was die kommando onder leiding van Van der Merwe en Van Coller en was die deurbraak by Heilbron in Februarie 1902.
Uit: H.W. Wilson, *"After Pretoria, The guerilla war"*, deel 2, Armalgamated Press, Londen 1902, p. 913

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# NOORDERLINGE ONDER DIE SUIDERKRUIS EN SUIDERSON

Onlangs het deel drie van die reeks "Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902" in druk verskyn. Hiermee is die reeks voltooi. Dit is deur die samesteller, dr. C. de Jong van Pretoria, uitgegee en het verskyn in Amsterdam onder beskermheerskap van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging te Amsterdam, wat in 1881 gestig is. Die drie dele bevat argivale en eerder in Skandinawië gepubliseerde herinneringe van Skandinawiërs aan hul verblyf in Suid-Afrika en hul deelname aan die oorlog in 1899-1902 aan die kant van die Boere of Britte. C. de Jong het hul geskrifte in Sweeds, Deens of Noors in Afrikaans vertaal en voorsien van inleidings, kort lewensbeskrywings van die outeurs, verklarende verwysings, afbeeldings, kaarte van gevegsterreine en agterin deel 3 'n alfabetiese naamregister.

Dit is die moeite werd om die bedoelde geskrifte wat, een uitgesonderd, buite Skandinawië onbekend is, ter kennis van Dietstaliges (Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners) te bring. Die Skandinawiese skrywers wie se werke vertaal is, behoort naamlik tot deeglik opgeleide, ontwikkelde volke wat danksy emigrasie en seemanskap wêreldwys was. Onder hulle is veelbereisde oud-seelui, intelligente waarnemers en boeiende outeurs. As besoekers of immigrante uit Europa het hulle 'n eie mening oor toestande en oorlogvoering in Suid-Afrika.

Deel een tel 178 bladsye en het die ondertitel "Van Mafeking na Magersfontein en Paardeberg". Dit bevat 'n inleiding oor die aard van die Skandinawiërs en hul emigrasie na Suid-Afrika, 'n groot aantal ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886. Dit verhaal die kort, maar roemryke geskiedenis van die Skandinawiese vrywilligerskorps wat uit Pretoria en Johannesburg na die beleg van Mafeking gestuur is, in die slag by Magersfontein half vernietig is en as oorblyfsel ná die beleg van generaal P.A. Cronjê se leër by Paardeberg gevang en na Sint Helena gestuur is. Daarna volg verslae van die Deen William Baerentzen en die Fin Nils Viklund oor Magersfontein en van die Fin Matts Gustafson oor Paardeberg. Dié verslae is gedetailleerd en boeiend. Suster Elin Lindblom uit Swede doen bondig verslag oor die Skandinawiese ambulans.

Deel twee bevat 175 bladsye. Die ondertitel lui "Kronieke van krygslui". Daarin is 'n oorsig van die Sweed kaptein H.E. Uddgren van die Skandinawiërs aan Boerekant - die enigste Skandinawiese geskrif oor die oorlog wat in gebrekkige vertaling in Suid-Afrika bekend was - die herinneringe van die Noorse militêre attachè kaptein J. Allum, wie se ongepubliseerde verslag deur C. de Jong in "Militaria" gepubliseer is, die humorvolle verhaal van die Sweed Hjalmar Petterson Janek wat tweemaal uit Britse gevangeskap ontsnap het, die herinneringe van die Noor Paul Schultz, vrywilliger by die Britse koloniale troepe in die Kaapkolonie in 1901, en die verslag van ingenieur A.C.H. Uggla oor die uitvoerige herdenkings van die slag by Magersfontein in Skandinawië en Suid-Afrika in Desember 1924. Uggla was hoof van die Centrale Werkplaats van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij te Pretoria en stigter van die Skandinawiese vrykorps en ambulans.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Deel drie tel 200 bladsye en die ondertitel lui: "Berigte te velde van twee Skandinawiërs by Boer en Brit". Hulle is die Sweed luitenant Erland Mossberg en die Noor reserwe-offisier Ingvald Schröder-Nielsen. Hulle was heeltemal verskillend. Eersgenoemde was 'n jong beroepsoffisier wat die vervelige garnisoendiens in vredestyd graag verwissel het vir besoeke aan oorlogstonele in Suid-Afrika, die Balkan en Frankryk. Hy het hom nie-amptelik by die Britse leër in Suid-Afrika aangesluit en is in Pretoria as militêre attaché erken. Hy was baie anglofiel en vind niks in die Britse oorlogsvoering verkeerd nie. Hy toon simpatie vir enkele aan hom bekende Boere en is 'n matige skrywer.

Nielsen het as jong assistent by landmeter G. Greathead in Wes-Transvaal in 1898-99 gewerk. Hy het as neutrale immigrant in die eerste 15 maande van die oorlog op Greathead se kleinhoewe by Rustenburg vertoef. Die verwoesting deur die Britte tydens die sluipoorlog (guerrilla) en hul plundering van die kleinhoewe het hom van neutraal verander tot pro-Boer. Hy het onder die generaals J.H. de la Rey en Kemp geveg, 10 maande lank, hom dapper gedra en is in Oktober 1901 gevang en na Bermuda gestuur. Hy was 'n uitstaande ruiter en skut, het op baie goeie voet met Boere-offisiere en burgers gestaan en was 'n uitstekende waarnemer en boeiende skrywer. Hy skryf met diep meegevoel oor sy beste vriend, die jong Nederlandse onderwyser Piet Schuil wat volgens hom ten onregte deur die Britte van skiet onder die wit vlag beskuldig en tereggestel is. Hy beskryf aangrypend Piet se laaste ure en begrafnis.

Hy het van Bermuda na Noorweë teruggegaan en daar 'n mooi loopbaan by die telegraafwese gevolg. Ook tydens die Duitse inval in Noorweë in 1940 het hy hom dapper gedra. Hy was 'n gewilde verenigingsman en radiospreker.

Voorheen was die Skandinawiërs besonder trots op hul landgenote se heldedade in Suid-Afrika gedurende 1899-1902. Hulle het in die algemeen met die Boere gesimpatiseer. Meer nog: die enigste gemeenskaplike optrede van die vier Skandinawiese volke op oorlogsterrein het in Suid-Afrika plaasgevind en dit het die propaganda vir die pan-Skandinawiese strewe goed gepas. Vandaar die uitgebreide herdenkings van Magersfontein in 1924. Na die Tweede Wêreldoorlog het die amptelike belangstelling in Skandinawië vir die oorlog 1899-1902 weens die afkeuring van apartheid geheel en al verdwyn.

Die bogenoemde reeks vorm 'n waardige herinnering aan die bydrae van die Skandinawiese stamlande aan Suid-Afrika.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

PRAESENS IN PRAETERITO

VICTORIA DRUKKERY PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services